



Nuwe Uitdagings

Dr. Gerrie de Haas

NUWE UITDAGINGS

INHOUDSOPGAWE

In ons moderne samelewing het almal gewoond geraak aan gerief. Ons het ophou soek na nuwe waarhede en nuwe dinge om ons opgewonde te maak. Een van die belangrikste dinge is om te soek totdat jy **die waarheid** kry. Jesus Christus alleen is die waarheid.

1. Herlewing.
2. Bind jou vas aan God.
3. Die Heilige Weg.
4. Die drie Josefs.
5. Het jy aanstoot geneem?
6. Opneem van jou salwing.
7. Die toetse in jou lewe.
8. Jou geesmens.
9. Nuwe uitdagings.
10. Woorde van getuienis.

HERLEWING:

Die oomblik dat ons begin praat oor herlewing, dan kom ons ook dadelik agter dat dit iets baie anders is as wat ons onself voorgestel het. Herlewing is vir nou – dit het alreeds begin.

Ons kom agter dat dit eenvoudig is en gladnie moeilik is om weer 'n herlewing in ons eie lewe te hê, en om opnuut vervul te word deur Heilige Gees nie.

Die oomblik as hierdie hoofstuk in ons lewe aanbreek kom ons agter dat die sleutel vir herlewing beteken om te sterf aan die eie ek. God is tans besig in soveel harte – ook in ons kerk. Die getuienis van hoe God besig is om ons te verander, maak nou weer ander honger.

Die hele konsep van herlewing is nog altyd misverstaan in die kerk. Die gedagte dat dit 'n massiewe godsdienstige ontwaking gaan wees waar daar duisende nuwe Christene gaan opstaan, is ongelukkig verkeerd. Oor die jare was daar herlewing in baie lande. Dit was vir mense wat in die kerk gesit het, sonder om Jesus voluit te dien. Daar was soveel tradisie en soveel godsdienste – maar geen verhouding met die lewende God nie.

Opregte herlewing is eintlik die teenoorgestelde van dit.

Die groot verandering wat herlewing bring, begin in jou.

Dis so belangrik om te hoor wat God nou vir ons elkeen van ons sê.

God begin nie herlewing onder die ongereddes nie, maar in Sy eie mense. Herlewing eenvoudig beteken 'nuwe lewe' – om weer te

begin lewe. Dis eenvoudig dat die lewe van die Here Jesus opnuut in menslike harte gegooi kan word.

Dit begin waar daar alreeds lewe is – maar lewe wat afgeneem het.

Ongereddes kan nie deur herlewing gaan nie – want daar is geen geestelike lewe om weer op te wek nie. Die kerk moet gewillig wees dat daar eers 'n werk in ons moet kom, voordat dit in iemand anders gaan kom. Dit is die Christen wat herlewing nodig het.

Jy kan alleenlik dit weer sterk maak, wat met tyd swak geword het.

Die voorwaarde is vir almal wat kan bely dat daar 'n geestelike doodsheid in hulle lewe is. Hoe meer spesifiek hierdie belydenis is, hoe meer kan God 'nuwe lewe' gee. Daar moet so 'n verwagting in ons kom dat God my behoeftes gaan verander.

Die oomblik as die kerk weer herlewe, gaan hulle die oes inbring.

Die een volg op die ander. As die kerk nie eers deur herlewing gaan

nie, sal die groot oes nooit ingebring kan word nie.

Moet nie fokus op wat verkeerd is nie. Fokus op wat reg is.

Jy mag dalk nie wees waar jy graag wil wees nie, maar die goeie nuus is dat jy nou op 'n vlak gaan kom waar jy nog nooit was nie.

Ek lees van 'n jong sendeling wat vasgevang geraak het in sy natuurlike drange en vleeslike begeertes. Hy was so ontsteld oor sy eie sukkelende persoonlike geestelike lewe. 'n Oorwinnende en oervloedige lewe wou net nie kom nie.

Een middag stap hy middagete uit in die tuine waar hy werk.

By 'n rots het hy gekniel en sy hart en hande opgehef hemel toe en uitgeroep: 'O God! Wat kan ek doen?'

Toe hy sy oë oopmaak deur die mistigheid van sy trane, sien hy voor hom 'n spinnerak. Juis op daardie oomblik beland 'n klein vliegje in die spinnerak. Hy begin hewig spartel. Hoe meer hy spartel hoe meer raak hy vas. Skielik storm die spinnekop op hom af en begin hom verder met taai drade vasspin. Die vliegje se stryd is verlore. Hy kan nie loskom nie.

Die man steek sy hand uit en met sy pinkie druk hy die vliegje los. Die spinnekop vlug en die vliegje sit vir 'n rukkie op sy hand en skrop homself skoon voor hy vry wegvlieg.

In die man se hart praat God met hom. Sy eie gespartel kan hom nie loskry nie, maar God het oervloedige krag om hom vry te maak. Toe dié wete tot hom deurdring kom daar 'n groot blydskap en vrede in sy hart.

Wat gebeur nou met ons?

God het so 'n begeerte om in jou te werk met nuwe krag en met genade. Die wêreld het sy geloof verloor want die kerk het sy vuur verloor.

As jy 'n leier in die kerk is, is die behoefte soveel groter.

Mense moet nie in die kerk sit en wag dat hulle leiers moet verander nie. God wil in elkeen van ons begin – ook in jou.

Jesus Christus is altyd die Oorwinnaar. As ons in die regte verhouding met Hom kom, sal Sy oorwinnende lewe ons vul en dit sal oorloop na andere toe. Dis hoe herlewing werk.

Die vyand kan nie jou geluk en vreugde steel as jy hom nie toelaat nie. Veg vir wat joune is en weier om op te gee.

As ons nou nader kom na God toe, is die eerste ding wat ons moet leer is wat om met 'ons eie wil' te doen. My wil moet breek en toegee aan Sy wil. Hierdie gebrokenheid is die begin van herlewing in ons. Dis pynlik en vernederend – maar dis die enigste manier.

Christus kan nie ten volle in ons werk as die trotsheid en hardkoppigheid in ons nog nie gebreek het nie.

Die grootste tragedie is om jou hele lewe in kettings te leef, en nooit te besef dat jy die sleutels het nie.

Ons moet ophou verwag dat Jesus by ons moet aanpas.

Ons moet by Hom aanpas. Daardie ding in ons wat ons laat regop spring, moet sy kop laat buig.

As ons nou moeite doen is dit maklik om te sien hoeveel van 'die eie ek' is daar nog.

* Dis die 'ek' wat probeer om 'n Christelike lewe te lei.

Net om te sê 'probeer', wys alreeds wie is verantwoordelik.

* Dis ook die 'ek' wat soms Christelike werk doen.

* Dis ook die 'ek' wat geïrriteerd raak, ongeduldig, kwaad, krities en jaloers raak en oor alles bekommer.

* Dis ook die 'ek' wat hard is op andere en sukkel met verhoudings.

* Dis ook die 'ek' wat skaam, minderwaardig en teruggetrokke raak.

Dis geen wonder dat ons moet breek nie. Solank as die 'self' in beheer is, kan God baie min vir ons doen. Hy begeer soveel meer vir ons. Die gebrokenheid wat moet kom sal ons vrymaak.

Gebrokenheid is God én ons werk.

Hy gee die geleentheid, maar dis ons wat die keuses maak.

Genade is die heilige vermoë wat aan ons gegee is om te word wat God wil hê ons moet wees.

Dis soms so moeilik om ons harde harte te verander en ons stywe nekke te buig. Gebrokenheid is 'n daaglikse lewenswyse en dis eenvoudig die mens se respons op God se openbaring in jou.

Ons sien hierdie gebrokenheid ook in Jesus toe Hy gewillig Sy lewe afgelê het. Hy kon ook soos 'n slang skielik sissend regop gekom het. Dit bly maar die teken dat die 'eie ek' nog opstaan.

Jesus het hier gebuig en Sy wil onder die Vader s'n geplaas – vir ons almal. Jesus verwag ook nie dat ons ons wil moet buig net vir ander mense nie – nee, dis vir onself.

Kolossense 3:15;

'En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers.'

Hierdie bly die manier waarop ons moet toets of alles reg is in ons lewe. Dit is ook die manier om agter te kom of sonde nie dalk ingesluip het nie. Enige ding wat die vrede van God verhoed, is sonde in ons lewe. Dit maak nie saak hoe klein of hoe onbeduidend dit mag wees in die begin nie. Dis sonde en dit steel jou vrede.

Die woorde 'vrede in jou hart' kan ook vertaal word as 'skeidsregter'. Die oomblik as die skeidsregter sy fluitjie blaas moet die wedstryd stop. 'n Fout is begaan.

Die oomblik as iets ons vrede steel, sal God Sy fluitjie blaas. Dan moet ons dadelik stop en vra: 'God, wat is nou verkeerd?' Hy is dan so gewillig om vir ons te wys.

Onthou: Jy verloor nie jou vrede oor iemand anders se sonde nie, maar oor jou eie sonde. God wil aan ons ons reaksies wys en hoe ons optree as iets met ons gebeur. Maak dit dadelik reg dat Sy vrede kan terugkeer.

Die tragedie is dat so baie van ons vir so lank die skeidsregter se fluitjie ignoreer het. Later hoor ons hom nie eers meer blaas nie. Jy is nou in 'n baie slegter toestand as wat jy besef. Dis slegs ons gebrokenheid en gehoorsaamheid daarna wat ons gaan lei na herlewing in ons eie lewe.

Die oomblik as mens besluit om homself die middelpunt van lewe te maak, en nie God nie, val ons uit 'n intieme verhouding met God. Wat meer is, ons val ook uit verhoudings met ons broers en susters.

Die verhaal van die opbreking met God in Genesis 3, word net daarna gevolg deur die eerste aanval op my broer. Ons sien wat Kaïn en Abel met mekaar doen. Hierdie val van mens beteken eintlik net: Ons het besluit om elkeen ons eie pad te loop.

Die oomblik as wat jou pad van God s'n skei, gaan die volgende ook gebeur: Dit skei ook mens en mens.

Die werk wat Jesus op die kruis moes kom doen het was nie net om die verhouding tussen mens en sy God te herstel nie, maar ook om verhoudings tussen mense en mense te herstel.

Herlewing beteken net dat ek die 'nuwe lewe' in my moet toelaat. Dit moet 'n eenheid tussen my en God en tussen my en my broer terugbring – met niks tussen ons nie.

God het nie nog 'n dag by jou lewe gevoeg omdat jy dit nodig het nie. Hy het dit bygevoeg omdat iemand daar buite jou nodig het.

In die boek van Judas, die broer van Jakobus skryf hy:
Julle moet aanhou met die doel om kragtig te stry vir die geloof. Die geloof is nou eenmaal aan die heiliges gegee.

Ongelowigheid bring die ewige straf.

Nadat God Sy volk uit Egipte uitgebring het, het dié wat in ongelowigheid verval het, almal in die woestyn gesterf.

Dit, nadat hulle al die wonderwerke van God gesien het – nogtans het hulle verval.

Judas : 18-21;

'Hulle vir julle gesê het: In die laaste tyd sal daar spotters wees wat volgens hul eie goddelose begeerlikhede wandel.

Dit is hulle wat skeuring maak, sinnelike mense wat die Gees nie het nie.

Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid en julleself in die liefde van God bewaar, terwyl julle die barmhartigheid van onse Here Jesus Christus tot die ewige lewe verwag'.

Wie is die 'sinnelike mense' van vers 19?

Dis mense in die kerk wat die 'Gees nie het nie'.

Hier staan dat daar in die kerk skeuring sal kom tussen mense wat die Gees het, en mense wat die Gees nie het nie.

Dié wat die Gees nie het nie, sal 'spotters' wees van hulle wat in die kerk 'n intieme verhouding met Jesus wil bou.

Wat verwag Jesus van ons wat in die kerk wil aangaan?

Julle moet julleself opbou in geloof en in die Gees bid.

Kom ons som op:

Kerk, ons het almal herlewing nodig.

Ons het almal nodig om die 'nuwe lewe' weer te ontvang.

Hoe gaan ons dit prakties regkry?

* Moenie dat hierdie wêreld jou bitter maak nie.

* Moenie dat ander mense se aksies jou laat koud word binne nie.

- * Moet nie dat dinge wat lankal gebeur het en wat jy nie verstaan nie, nog by jou bly.
- * Dis reg om te huil. Dis reg om treurig te wees.
- * Dis reg om skuldig te voel.
- * Moet net nooit jou seer uithaal op ander mense omdat jy self seergekry het nie.
- * Ek weet jy voel soms swak.
- * Onthou net, dis die dinge wat jou swakheid openbaar, wat jou aan die einde sterker gaan maak.
- * Neem alles waarmee die lewe jou gooi en leer daaruit. AMEN

.....

BIND JOU VANDAG VAS AAN GOD

In ons moderne samelewing het almal gewoon geraak aan gerief. Al wat dit egter doen is om elke volgende geslag net meer ongeduldiger te maak as die vorige. Almal is al hoe meer gejaagd, maar baie min kan jou werklik sê waarheen hulle op pad is.

Een van die belangrikste dinge vandag is om te soek totdat jy die waarheid kry. Jesus Christus is die waarheid.

Die soektog na die grootste skat wat die wêreld nog geken het gaan net voort. Soos ons weet gaan hierdie skat nie oor goud of geld nie, dis baie meer waardevol as dit. Hierdie skat is om die waarheid te vind en Hom te leer ken.

Die voorbereiding om Hom waarlik te ken word gebou om jou karakter. Met die jare leer ons dat karakter nodiger is as kennis. Daarna moet jy gebind wees aan God en ophou om net vir jouself te leef. Ons doel is nie net om God te ken en te weet wat Hy doen nie – die doel is om te verander na Sy beeld, soos wat ons Sy heerlijkheid aanskou.

Ons moet altyd onthou dat ons nie nodig het om enigiets buitengewoons te doen, om God se koninkryk te bevorder nie.

Ons moet net gehoorsaam en gelowig wees.

Moenie snaakse goed probeer doen nie.

Kerk, ons moet regtig meer indringend na onself kyk.

Ek is nie 'n opgeleide teoloog nie – dank die Vader!

Ek glo dat ek 'n mandaat het om jou te bedien en dit is my liefde vir God, my liefde vir mense en my liefde vir die waarheid – nie my kennis nie.

Dit is duidelik dat God 'n groot plan het vir die mens wat Hy geskape het. God sê dat Hy ons na Sy beeld geskape het.

Wat beteken dit dat die mens as beeld van God geskep is - dat die mens as man en vrou beelddraers van God is?

Die woord 'beeld' hier in die oorspronklike taal beteken 'skaduwee'.

Dis goed om te weet dat jy en ek God se skaduwees is.

Dit beteken dat ons vas aan God is. Vir ewig aan Hom verbind om nooit weer los te kom nie.

Ons weet tog goed dat ons nie van ons skaduwee kan wegkom nie!

Dit beteken ook definitief dat ons 'n bietjie na Hom lyk.

Die groot taak is om as Sy skaduwee, te doen en te moet doen, wat God doen. Dit beteken dat ons in die kerk mekaar moet maak – mekaar moet help om volkome mens te word.

Elkeen het 'n taak – 'n gawe om mekaar te kan opbou.

Die teenoorgestelde is ongelukkig in huwelike, in verhoudings tuis en by die kerk ook waar: Soms breek ons mekaar af ipv om te bou.

Die aftakeling is nog altyd daar.

Ek glo werklik dat dit die één area van Christen-wees is wat die meeste skade gelei het. Skade in ons verhoudings.

As ons kyk na God wat ons begin en ons einde is, sien ons Hom beskryf as 'n rots:

2 Samuel 22:2-3;

'En Dawid het gesê: Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; God is my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting en my toevlug, my verlosser.'

Wat beteken rots? Onwrikbaar, onomstootlik, vastigheid en iets waarop jy kan steun.

Aan die einde van sy bediening praat Jesus ook oor 'n rots:

Mattheus 16:18;

'En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.'

Na Jesus Christus se hemelvaart vestig die kerk homself op aarde deur die werke van die apostels en die ander gelowiges. God kom sluit 'n verbond met die kerk. Heilige Gees kom om in elkeen van die gelowiges te wees en om hulle in die volle waarheid te lei. Die werke van die verbond moes die kerk toerus en bestuur.

Sedertdien blyk dit dat die kerk vandag hierdie werktuie van die verbond verloor het. Jesus sê vir ons deur Johannes:

Openbaring 2:4-5;

'Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.'

Kandelaar hier beteken 'Sy teenwoordigheid. Die oomblik toe ons die werke van die verbond verloor het, het ons ook die gemeenskap van Heilige Gees verloor. Dit was nog altyd God se plan dat ons Hom moet ontmoet deur die Gees en niks anders nie.

Vandag besef die kerk hierdie verhouding is verbreek. Wat het dan gebeur? 'Christene het die eerste werke vergeet – die werke van geloof. Hulle het dit vervang met die werke van tradisie en oppervlakkige wêreldse dinge. Dit het stelselmatig ingesypel in ons daaglikse aanbidding.

Dinge van die vlees het na vore gekom. Die grootste rede daarvoor is dat leiers en voorgangers nie hulle eie persoonlike probleme wou of kon oplos nie. Nou is daar desperaatheid om hierdie verlore kommunikasie met God te herstel.

Hoekom slaag hulle nie?

Bloot omdat hulle verwag dat God by hulle moet aanpas, en nie hulle by God nie.

Daar is nou orals seminare en lering oor hoe om tiendes te gee, hoe om die Tien Gebooe uit te leef, hoe werk talente en 'n oorbeklemtoning van liefdadigheid. Alles draai om mensgemaakte idees en planne, terwyl God ver daarvan verwyder is. Hy is tog immers Gees. Kan ons Hom dan nie op geesvlak ontmoet nie?

Kan ons vleeslike dinge gebruik om God te wys dat ons vir Hom lief is? Nee. Ons kan alleenlik ons liefde vir Hom wys as ons sy geboorte onderhou.

Wat is in Christus?

Sy heerskappy, Sy waarheid en Sy Gees. Dit is die dinge wat van Bo in die gees kom en dis slegs wat in Christus is wat tel. Geloof sonder werke daarna, is dood.

Die oplossing?

Die gemeente moet dieselfde kwaliteite as God in hulle dra. Jesus kom dra dit oor aan ons as Hy sê:

Mattheus 16:19;

'En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbond wees.'

Ons sien vroeër hoe die owerpriester aan Jesus: 'Deur watter gesag doen U al hierdie dinge en wie het U hierdie mag gegee?'

Jesus het 'n tyd voor dit al aan sy dissipels gesê:

Mattheus 28:18-20;

'En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.'

Wat beteken 'Amen'? 'Ek plaas my seël daarop'.

Wie gebruik die woord 'Amen' hier? Jesus.

Dis Hy wat sê: 'Ek plaas My seël daarop! Ek bekragtig My woorde.'

Jesus sê vir ons weer vanoggend: 'Ek gee aan julle mag oor die krag van die vyand'. Dit beteken net: Eers die mag, dan die krag.

Daardie gesag is nodig om die krag wat deur die vervulling met Heilige Gees kom, effektief te gebruik.

Hierdie mag en gesag is dus die sleutels van die koninkryk van die hemele wat aan sy dissipels en aan ons gegee is.

Wat is 'n sleutel? 'n Sleutel gee jou die mag.

Om die sleutel te kan draai, het jy die krag nodig.

Die koninkryk van die hemele word deur **ons** ontsluit met die sleutels van bind en ontbind. As ons in die krag van God is, kan ons leef soos Jesus ons kom leer het.

Wat het Hy kom doen? Kom leer oor Sy koninkryk, siekes gesond gemaak, melaatses genees en duiwels uit mense gedryf.

Ons moet dit begin doen want ons het alreeds die sleutels tot die koninkryk van God, naamlik die ewige lewe.

Om 'n sleutel te draai is daar krag nodig.

Daar is fisiese krag maar ook geestelike krag.

As jy nie krag gebruik om die sleutel te draai nie, gebeur daar niks.

Wat dan beteken 'bind?'

'Bind' beteken om vas te maak, saam te vloei en om een te word.

Jy kan iemand bind aan sy woord, deur 'n ooreenkoms met hom aan te gaan.

Om te 'ontbind' beteken dus om op te breek of los te maak, iets te verbrokkel of te skeur.

Prakties kan jy nou sê:

'Vader God, omdat U Gees in my woon en ek aan Christus behoort, ontbind ek my vleeslike natuur vandag.

Ek ontbind my van alle tradisies, voorskrifte en bepalings wat my gees, siel en liggaam gebonde hou.

Ek ontbind my sondige, vleeslike natuur van al sy krag en mag waarmee hy my gees wil oorheers. Wat ek nou hier ontbind sal ontbonde bly totdat ek hemel toe gaan.

Vader God, ek bind my gees, siel en liggaam aan die doel waarvoor U my geskape het.

Ek sluit met die sleutels wat ek van Jesus ontvang het nou al die vestings en tradisies oop dat dit openbaar kan word, en ek skoongewas kan wees daarvan.

Jesus, ek gebruik nou die sleutels van die koninkryk wat U my gegee het. Wat ek ookal op die aarde mag bind, sal gebonde bly totdat ek hemel toe gaan. Ek bind my aan U wil, U doel en U tydsberekening.

Ek ontbind 'n nuwe lewe oor my en dit sal oopbly totdat ek hemel toe gaan. Ek glo en ontvang dit nou van U.

Ek gee hierdie hele saak nou aan U oor. Amen.

Ek plaas die seël van Jesus se Bloed daarop en so sal dit wees.

.....

DIE HEILIGE WEG

Ons beleef vandag wêreldwyd die tydperk waar dié wat skoon is, skoner word en dié wat onrein is meer onrein raak. Die styging in onheiligheid is iets wat ons nog nooit gesien het nie.

Daar het in Suid-Afrika jare gelede 'n profetiese woord uitgegaan: Julle moet verstaan dat as Suid-Afrika die rampe gespaar word, hy ook nie deel kan hê aan die komende heerlikheid nie.

Die tonele wat ons sien is onvermydelik.

Die rampe waarmee Suid-Afrika bedreig word, word veroorsaak deur haat en nyd, deur geweld, onreg en jaloesie.

Die rampe kan nie vermy word nie, maar deur gebed kan dit verminder word. Dit hang af van ons getrouheid en of ons aan al die opdragte gehoor gaan gee.

Ons gaan 'n tydperk binne waar groot wonders en openbaring hier by ons gaan plaasvind. Deur Suid-Afrika sal die wêreld gedwing word om te glo dat die wederkoms van die Saligmaker op hande is.

Ons moet besef dat die openbaring van God se heerlikheid eenvoudig is. Ons het dit tog so gekompliseerd gemaak!

Vir die meeste van ons, al weet ons nie alles nie, bly dit egter moeilik om dit prakties aan te bied.

Heilige Gees het alreeds op aarde neergedaal en sal Homself openbaar aan vele wat God in opregtheid en waarheid dien.

Ons is nie die eerste en ons is nie die laaste aan wie God Sy Gees gaan openbaar nie.

Ons lees 'n profetiese woord van lewe en oorwinning in **Jesaja 35**; 'Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing; dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel; die heerlikheid van die Líbanon is aan hom gegee, die

sieraad van Karmel en Saron; hulle dáár sal sien die heerlijkheid van die HERE, die sieraad van onse God.

Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas.

Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; Hy self sal kom en julle verlos.

Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis. En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies.

En daar sal 'n grootpad wees en 'n weg wat die heilige weg genoem sal word;

geen onreine sal daarop voorttrek nie, maar vir hulle sal dit wees; wie die weg bewandel—selfs die dwase sal nie dwaal nie. Daar sal geen leeu wees nie, en geen verskeurende dier sal daarop kom of daar aangetref word nie; maar die verlostes sal daarop wandel; en die losgekooptes van die HERE sal teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydschap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg'.

Kom ons herhaal: En daar sal 'n grootpad wees en 'n weg wat die heilige weg genoem sal word. Ek wil hê dat ons regtig in ons gees en verbeelding iets moet sien: Wat ons hier as 'n profetiese woord van Jesaja sien, is 'n heilige pad wat gebou is uit hierdie wêreld uit. Alhoewel hierdie pad smal en opdraend is, kan enige een van ons op hom stap. Daar is so baie gevare as jy afdwaal van die pad, maar as jy op hom hou is alles veilig. Daar sal geen leeu of verskeurende dier saam met ons op die pad wees as ons eers op hom is nie.

Slegs een soort mens is verbied om hier te loop - dié wat onrein is. Hierdie onreine is nie net die sondaar wat Jesus nie ken nie, maar ook mense in die kerk wat nog wandel in ongehoorsaamheid en gewoonte-sonde.

Ons is nie vandag hier om gewoon te raak aan vrees en twyfel, of aan ongeloof of aan ons verlede nie. Ons is vandag hier om ons lig te laat skyn – al gebeur wat.

Hoe kom ek op hierdie heilige pad?

Daar is 'n smal opdraende paadjie wat jou sal lei tot op hierdie pad. Dis die paadjie wat lei na Golgota. Hierdie is 'n koppie wat jy moet klim op jou hande en veral jou knieë.

As jy nog tevrede is met jou godsdiens en manier van lewe sonder om honger te wees vir meer, sal jy nie maklik hierdie paadjie kry nie. Die oomblik as openbaring kom sal jy die paadjie begin klim. Dié wat net toeriste is en soek na iets om te kyk sal nie ver kom nie. Jesus sê: As jy my soek met jou hele hart, sal jy my vind.

Op die kruin van hierdie koppie staan 'n kruis. Die kruis dui aan waar die heilige pad begin. Die kruis bring die skeiding tussen mense en mense en tussen tyd.

Aan die voet van hierdie kruis is 'n klein deurtjie. Dis so laag dat jy moet buk om daar in te gaan – op jou knieë. Dis die enigste ingang na die grootpad toe. Om verder te kan vorder moet jy deur hierdie deurtjie gaan. Dis so klein dat jy geen bagasie saam met jou daardeur kan neem nie. Alles wat jy voel net aan jou behoort, moet agterbly. Hierdie deur word genoem die 'Deur van die gebrokenes'. Liewe mens, as daar nog nie gebrokenheid in jou is nie, sal jy nie op die grootpad kan loop nie. Jou stywe nek sal moet buig.

Die stywe nek wat nie wil buig nie het ook eendag in Adam en Eva se lewe opgestaan. Die oomblik toe hulle al die voorskrifte oortree en self God wou speel, het hulle hierdie pad verloor.

Ek en jy staan weer voor daardie keuse: Is ons nog hard en kwaad? Kry ons nog maklik seer as al die ou dinge net weer met ons 3 gebeur? Probeer ons nog ons dinge op ons eie manier doen?

Kerk, julle moet weet: Sonde is misleidend. Dit kos jou meer as wat jy dink. Ongehoorsaamheid het altyd gevolge – slegte gevolge.

Satan se taktiek sal jou altyd net tydelike verligting gee.

God is ingestel daarop om jou totaal vry te maak.

Jy moet nie net bestaan nie – jy moet lééf.

Voordat ons op die heilige pad kan loop, moet daardie nekke buig.

Ek wil graag vir jou sê hoeveel keer ek in my eie lewe hardop moes sê: 'Buig Gerrie de Haas, buig. Buig en laat gaan!'

U weet, om te verander is een van die moeilikste dinge op aarde.

Ons veg so om vas te hou en ons veg om dinge nie te laat gaan nie.

Gebrokenheid beteken nie net om te erken dat ek probleme het nie. Dit beteken eintlik dat ek erken dat ek geen regte het nie en heel moontlik op pad hel toe is.

As jy by daardie kruis kom, kyk op: Kyk met jou geestelike oë: Daar staan Hy met wonde aan sy hande en sy liggaam, Sy hoof gekroon met dorings – vol bloed. Hy is stukkend gebreek vir my en vir jou. Voordat Hy daardie laaste beker gedrink het, het Hy gesê: 'Nie my wil nie Vader, maar U wil geskied'.

Orals by daardie klein deurtjie is bloed – die Bloed van Jesus. Soos wat ons deurgaans maak daardie bloed ons skoon en was al die sonde weg. Ek moet rein op die heilige pad gaan loop.

Op die einde gaan daar net twee groepe mense wees: Dié wat vir God sê: 'Laat U wil geskied' en dié waarvoor God sal sê: 'Maar laat jou wil maar geskied – jy met jou stywe nek'.

Waar staan ons vandag?

Moet nie dink vandag kind van God, dat jy net een keer moes buig en breek nie. Dis 'n aanhoudende oorlog waarin ons betrokke is. Daar sal nog baie toetse kom – die meeste deur ander mense. Ons gehoorsaamheid sal weer met bloed getoets word.

As jy op hierdie heilige pad loop – kyk nou vorentoe.

Maak jou oë toe en kyk in jou verbeelding:

Daar strek die paadjie voor jou uit. Dit kronkel en is smal.

Daar is soveel lig wat daar skyn!

Agter ons is die koppie met die Kruis. Nie meer donker en half weggesteek nie, maar skynende soos lig. Jesus hang lankal nie meer daar nie. Hy loop nou saam met ons op die heilige pad.

Luister na die mense wat sing en dans en Hom loof en prys.

Kyk na die mense om ons. Almal se nekke het gebuig – in Sy wil al die tyd. Hierdie is die herlewing waarvan ons praat. Heilige Gees loop tussen ons. Van heiligheid tot heiligheid.

Voor ons is 'n groot plek. Dis die hemelse Jerusalem.

Kyk daarna. Smag daarna.

Liewe mens: Dalk ken jy Hom al lank as die Redder.

Dalk was daar al beter dae in jou lewe gewees. Dis nog nooit te laat om weer te begin soek na die smal paadjie wat jou berg-op gaan neem na die heilige pad nie.

Jesus sê: Laat ons hierdie saak nou uitklaar.
Ek staan en wag vir jou.

DIE DRIE JOSEFS

In die Bybel lees ons van drie persone wat Josef genoem is.
Ons sien dat wat in die eerste Josef gebeur het, homself herhaal in die ander twee ook.

Die eerste Josef:

Ons lees in Genesis 37 oor hom: **Genesis 37:2-6;**

'Dit is die geskiedenis van Jakob. Josef het as seun van sewentien jaar die kleinvee opgepas saam met sy broers—hy was nog jonk—met die seuns van Bilha en die seuns van Silpa, die vroue van sy vader. En Josef het die slegte gerug oor hulle na hulle vader oorgebring. En Israel het Josef meer lief gehad as al sy seuns; want hy was vir hom 'n seun van die ouderdom; en hy het vir hom 'n lang rok met moue gemaak.

Toe sy broers sien dat hulle vader hom meer as al sy broers liefhet, het hulle hom gehaat en kon nie vriendelik met hom praat nie. Ook het Josef 'n droom gehad wat hy aan sy broers vertel het. Daaroor het hulle hom nog meer gehaat. Hy het naamlik vir hulle gesê: Hoor tog hierdie droom wat ek gehad het'.

Israel, voorheen genoem Jakob, het Josef meer lief gehad as sy ander seuns omdat hy op 'n baie hoë ouderdom vir hom gebore is.

Genesis 37:9;

'Daarna het hy nog 'n ander droom gehad en dit aan sy broers vertel en gesê: Kyk, ek het nog 'n droom gehad—die son en die maan en elf sterre het hulle voor my neergebuig'.

Nou, wie was hierdie mooi jong man?

Hy het ook in die oë van God guns gehad. Soos ons oor hierdie Josef praat wil ek hê jy moet die gees van Josef verstaan. Josef het soveel jare gelede geleef, maar in hom was iets wat ons nou weer in die eindtyd-kerk sien. Josef was geroep vir sy rol in daardie tydperk, maar God gaan weer Josefs laat opstaan in hierdie tyd.

Dis algemeen bekend dat in bybelse tye name en hul betekenis baie belangrik was. 'n Naam het ook jou geaardheid, jou karakter en wat jy moet wees en doen beskryf.

Die naam Josef beteken 'om te bewaar' of 'om iets behoue te laat bly'. Ook direk vertaal om 'iets te preserveer'.

In sy tyd het hy gesorg dat die volk van Israel behoue kon bly. Israel het bestaan uit die twaalf broers wat later die twaalf stamme geword het.

God het 'n groot plan gehad om hierdie twaalf stamme behoue te laat bly en Josef is gekies om hulle te bewaar vir die toekoms. Die planne vir sy lewe is oorspronklik deur Josef se drome aan almal bekend gemaak.

Dit was 'n swakheid in Josef.

Hy kon nie sy mond hou nie en het al sy drome aan almal vertel.

Dit het veroorsaak dat daar erge jaloesie gekom het.

Vandag is dit nog dieselfde in die huis van die Here!

Die oomblik as daar iemand in die kerk is wat skielik openbaring ontvang, is almal eers teen hom. As die leier van die gemeente is ek geroep om jou te lei en jou te help ontwikkel. Ek is nie geroep om jou drome te vervloek en jou roeping te probeer kanselleer nie.

Goeie advies: As God nie vir jou sê om iets te openbaar wat Hy jou wys nie – bly stil!

In sy geval het Josef se broers hom amper doodgemaak.

Vandag wil daardie demoniese gees nog steeds drome doodmaak.

Predikante maak drome dood omdat hulle nie sien God is besig om mense op te rig nie – hulle sien dit as kompetisie.

Ons sien nie wonderwerke en genesings en bevrydings in die kerk nie, want dié wat dit moet doen word deur ander leiers afgedruk.

Josef, uit opgewondenheid en voortvarendheid en uit liefde vir sy familie, het met die verkeerde mense gepraat.

Dit het gemaak dat sy broers teen hom gedraai het.

Ten spyte van alles was Josef geroep om hierdie broers wat teen hom is, te bewaar.

Jakob het vir Josef 'n kleed met baie kleure laat maak.

In die eindtyd-kerk beteken hierdie baie kleure elke nasies en elke kultuur en elke ras.

God het dan gesê: 'In die laaste dae sal Ek my Gees uitstort op alle vlees'. Dis almal.

Maar, Josef se broers het ooreengekom om hom dood te maak. Hulle het gesê: 'Kom ons maak hom dood voordat hy iets kan word'.

In die huis van die Here gebeur dit nog elke dag.

Die oomblik as iemand 'n openbaring gekry het van God, is almal teen hom. Daar word vinnig besluit: Laat ons hierdie bediening wat hier ontwikkel dadelik stop voordat dit iets kan word.

Broer teen broer – in die kerk.

God het niemand ooit geroep om ander te intimideer nie.

As dit gebeur, weet waar dit vandaan kom.

Van Josef se ouer broers het besef hierdie is 'n broederlike saak en het gesê: Laat ons hom nie doodmaak nie, kom ons verkoop hom liewer.

Maar selfs dit gebeur ook: 'n Broer sal 'n ander broer uitverkoop. Let mooi op: Jaloesie en minderwaardigheid speel altyd 'n rol.

Hulle sal selfs bereid wees om jou aan vreemde gode uit te lewer – vreemde demoniese magte.

Alles, net om jou uit te kry en van jou ontslae te raak.

Moet net nooit dink dat as hulle bymekaar kom om te bespreek wat hulle met my wil doen, dat die duiwel nie ook luister nie.

As iemand sou sê: 'Kom ons verkoop hom, want daar is kragte in hom', luister die duiwel baie mooi, want hy wil daardie krag nou vir homself gebruik.

Een van die grootste euwels in die kerk is dat daar mense is wat hulle gawes verloor en daarna soms in verkeerde geestelike toestande eindig, net omdat iemand bedreig voel.

Die broers verkoop toe vir Josef. Hulle prys was presies dieselfde as die prys wat betaal is vir Jesus – die prys vir 'n slaaf.

Die volgende wat inkom in sameswering: 'Kom ons sê vir ons pa dat hy deur diere doodgemaak is'. Dit wat Josef moes kom red – dit waarvoor hy moes veg, die bestaan van die menslike ras, was die prys. 'n Bok word doodgemaak en hulle week die kleed met baie kleure in die bloed.

Dis die hele menslike ras wat Josef moes behoue hou, sodat Jesus later met Sy eie bloed daarvoor kon betaal.

Skielik is daar nie meer verskillende kleure in die klee nie – net een kleur – rooi. Josef kom om alle rasse en nasies te red van hongersnood om hulle behoue te hou.

Ons moet nooit vergeet dat deur hierdie stamlyn wat hier behou is, is Jesus gebore. Wat gebeur in Egipte waar Josef eindig?

Ons besef nou dat hy vooruitgestuur is om almal te red. Daar is sewe jaar van totale oorvloed en sewe jaar van erge hongersnood.

Sewe is die getal van volmaak. Dit beteken dat as dit 'n volmaakte hongersnood was, sou almal gesterf het.

Die teiken was die twaalf seuns van Jakob. Alles was in werking om die nasie van Israel te verhoed om tot stand te kom. Jesus mag nie gebore word uit die stam van Juda nie. Wie is op die einde gestuur om vooruit te gaan om hierdie sameswering te keer? Josef.

God gebruik vir Josef om die twaalf stamme te red en te bewaar. Dis op 'n bonatuurlike manier dat Josef die heerser word in Egipte. Dis hoe dit moontlik was om deur bonatuurlike wysheid te weet dat hy die sewe jaar van oorvloed moet gebruik om later die wêreld te bewaar.

Wat gebeur verder? Die broers kom Egipte toe. Dieselfdes wat hom veroordeel het, staan nou voor hom. In Josef is daar nog altyd die hart van 'n kind. Hy het lankal vergewe en vergeet.

Josef staan aan die einde van sy lewe en kyk terug.

Die nasie van Israel is gebore. Hy weet dat lank na sy dood gaan daar nog iets gebeur. God het alreeds vir hom gesê: Eendag gaan hierdie volk uittrek na die Beloofde land toe.

Hy vra aan die einde vir hulle: 'Neem net my beendere saam as julle eendag trek. Ek sal dan vir ewig onder julle wees'.

Ons moet een ding besef: Die gees van Josef kan nie sterf nie.

Josef se gees is tans saam met hom in die hemel, maar daardie gees lewe ook nou nog hier op aarde – in ander mense.

Wie gaan die volgende onder julle wees wat daardie gees sal opneem – daardie mantel gaan aantrek – en die volk gaan verlos en bewaar? Die gees van Josef leef van heerlijkheid tot heerlijkheid en sal weer deur God gebruik word.

Die tweede Josef:

Die stiefvader van Jesus. Sy lewe begin met 'n kontroversiële saak.

Waar hoor jy van 'n jong maagdelike meisie wat swanger raak sonder 'n man? Maria word 'n tipe van 'n uitgeworpene.

Almal glo en verstaan haar nie.

Sy is swanger en dit alleen verdien die dood. Nou kom sê sy nog dis Heilige Gees! Dis lasterlik! Hulle dink nie eers aan trou nie – alles gaan oor die steniging. Josef wil uit die hele ding uitkom.

Josef weet één ding: As hy Maria sou los, sou hulle haar oorgegee het aan die godsdienstgroep en hulle sou haar doodgemaak het. Dood, met Jesus in haar. Hy weet hoe werk dit. Eers word die hoop klippe gepak en dan bring hulle die vrou

Watter man kan dit emosioneel hanteer? Josef – die stiefpa van Jesus kon. Van al die miljoene mense op aarde kies God vir Josef, die bewaarder, om Jesus groot te maak.

Josef moet die een wees wat Hom gaan versorg en Hom gaan bewaar deur Sy jongdae.

Josef moes 'n tipe van 'n lewe gelei het wat deur God aanvaar is. Hy was betroubaar gevind om Sy Seun Jesus mee te vertrou.

God vertrou vir Josef vir Sy lewe.

Josef self verstaan Maria nie. Nadat God met hom gepraat het, trou hulle. Saam beleef hulle die wonderwerk. Die God wat die son en maan en alles geskape het, skep nou 'n baba in Maria.

Die vordering van die swangerskap word deeglik gemonitor.

Die een wat daarvoor instaan is Josef.

Hy moet al die vrae beantwoord. Die hele droom waaroor God met Josef gepraat het is besig om bewaarheid te word.

As skrynwerker was Josef suksesvol. In Israel was dit in daardie jare 'n baie lonende beroep. Die tyd het nadergekom dat Maria moes kraam. Alles was gereel. Maar, hulle moes in daardie tyd Betlehem toe gaan. Betlehem beteken 'huis van brood'.

Tydens die geboorte is Josef daar. Wat 'n verligting toe die baba daar is: Die Koning van die konings en die Here van here.

Hy staan en luister toe die engelkoor sing en weet iets spesiaals het gebeur. Hy noem die seuntjie Jesus.

Vroeg al is die oordeel daar. Herodus wil vir Jesus doodmaak.

Die engel van die Here waarsku Josef en hulle moet vlug. Die bewaarder van Jesus neem Hom na Egipte toe om Hom behoue te laat

bly. Weereens is dit om te bewaar wat Jesus moes kom doen het op aarde: Die redding van die mensdom. Dit word tyd vir Jesus om in bediening te gaan. Al die jare het Josef Hom bewaar. Toe Jesus begin optree, is daar nooit weer iets oor Josef geskryf nie.

Profete het later deur openbaring gehoor by God dat Hy hom weggeneem het voordat Jesus Sy optrede begin het.

Ons lees nie daarvan in die Bybel nie – dis in die Gees.

Ons wil graag glo dat Josef wat geroep is om Jesus te bewaar, dit nie sou hanteer het as hulle Hom gekruisig het nie.

Sou hy nie vasgehou het aan die belofte dat God hom gevra het om Jesus nooit te verlaat nie?

Die derde Josef:

Josef van Arimathéa. Jesus begin Sy bediening.

Drie jaar later is die tyd daar dat Hy gekruisig moet word.

Josef van Arimathéa. Hy is 'n sakeman en politikus. Hy het baie invloed gehad en was bevriend met Pontius Pilatus. In hom was die Josef-gees. Die Josef-gees maak dit moontlik vir 'n mens om te mag praat met die president van die land om God se doel te bereik.

So dikwels sal die guns van God saam met so 'n persoon gaan.

Jesus hang aan die kruis. Daar is 'n probleem: Almal weet dat as Hy nie 'n amptelike graf het nie, sal hulle Hom in 'n vlak graf begrawe. Dit was 'n probleem. Hy sterf vir almal, maar, as Hy sou opstaan die derde dag sou daar geen getuienis gewees het daarvan nie.

Niemand sou ooit weer dié graffie gekry het nie.

Wat gebeur nou? Toe Jesus sterf op die kruis gaan Josef van Arimathéa na Pilatus toe en vra of hy die liggaam kan versorg.

Dit word toegestaan omdat God se guns daarop was. Josef neem die liggaam om Hom te gaan bewaar. Hy weet: Hierdie liggaam moet behoue bly! Josef neem dit alles op hom.

Jesus se liggaam word in 'n nuwe kliggraf geplaas. Hierdie graf behoort aan Josef van Arimathéa.

Wat alles daar gebeur het ken ons. Jesus staan op en lewe weer. Die klip rol weg en die getuienis is daar: Hy het opgestaan.

Hierdie klipgraf is vandag nog daar as getuienis daarvan.

Josef het net soos die ander twee Josefs gedoen wat God van hom verwag het. Daarom word hy nog steeds vandag ge-ëer as die een wat Jesus bewaar het sodat Hy Sy werk kon gaan voleindig.

.....

HET JY AANSTOOT GENEEM?

Het jy aanstoot geneem? Neem jy iemand kwalik?

Is daar werklik 'n rede hoekom ons voel dat ons soms nie oorwinning kry nie? Is dit in my of is dit iets wat aan my gedoen is?

Daar is talente wat God in ons gesit het.

Dis om Hom daarmee te eer. Ons gebruik egter so baie dié talente vir onself en nie vir Hom nie. Soms word hierdie talente of gawes, nog voordat ons dit vir die Here kan uitleef, gesteel. Waarom?

Want 'die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes'.

(Johannes 10:10). In ons lewens ook.

Die verwoesting begin in ons kinderjare en baie keer erf ons dit in ons DNA van ons ouers af. Dis egter nie onbekend dat twyfel en aanstoot en teleurstelling dit soms later in ons lewe kan begin nie. Hier gebeur dit dat die mense en situasies wat ons vertrou het, nie reageer soos wat ons dit verwag het nie. Ek twyfel dan omdat ek 'n ander verwagting gehad het, wat nou nie gebeur nie.

Soms wonder ek of ek ooit geweet het wat van my verwag word, of wat regtig moes gebeur het.

Kom ons kyk wat in die Skrif staan. **Mattheus 11:2-6;**

'En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?

En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien: blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig.

En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie'.

Om aanstoot te neem beteken om iemand of iets kwalik te neem. Johannes die Doper was in die tronk en het geweet Jesus doen al hierdie dinge. Jesus het geweet dat hierdie dissipels niks nuut vir Hom kom vertel nie. Maar, hoor wat sê Hy vir hulle: 'Salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie'.

Salig is elkeen wat ten spyte van sy omstandighede, My nie kwalik neem nie.

Dit beteken dat Jesus geweet het Johannes sit in die tronk en neem aanstoot. Hoekom? Alles het nie vir Johannes uitgewerk soos wat hy verwag het nie. Daar het skielik twyfel ingekom.

Nou bevraagteken hy skielik vir Jesus.

Jesus het nooit die dissipels se vraag beantwoord of Hy die een is wat moet kom nie. Hy het net vir hulle gesê wat Hy doen en geen nuwe inligting gegee nie.

Mense, ons kry verskillende aspekte van aanstoot neem en twyfel. Dié twee loop gewoonlik saam. Ek twyfel, dan neem ek aanstoot. Ek word teleurgestel, dan neem jou kwalik.

* Jy kan aanstoot neem teenoor God omdat jy voel Hy het nie gedoen wat jy wou gehad het Hy moet nie.

* Jy kan vir dieselfde rede persone ook kwalik neem.

* Jy kan ook bv. die regering of 'n organisasie of 'n skool kwalik neem. Jy voel hulle het jou te na gekom en nie goed na jou belange omgesien nie.

Prakties beteken dit dat as jy byvoorbeeld vir 'n siek persoon bid en hy sterf daarna, wat gebeur nou? Jy en almal om jou wil skielik weet hoekom jou gebed nie beantwoord is nie. Hulle neem jou nou daarvoor kwalik. Die oomblik wat jy vra hoekom, het jy aanstoot geneem. Want, hoekom nie?

Nou kom jy wat gebid het en probeer 'n antwoord gee vir hierdie mense. Onthou, Jesus het nie die dissipels geantwoord op hulle vraag nie. Hy het net gesê wat Hy gedoen het. Dit was die manier waarop Hy hulle wou wys dat hy nie hulle aanstoot erken nie.

As jy weet dat iemand jou verkeerdelik kwalik neem, bly net stil!

As gebed nie werk nie, is dit gewoonlik ons vrees vir wat mense dink, wat maak asof ons die Here probeer beskerm met die antwoorde wat ons gee. Die Here het nie ons beskerming nodig nie. Hy is soewerein in wat Hy doen.

Óf God iemand genees óf nie, dit het niks met jou te doen nie.

Hy het net vir jou gevra om te bid, nie om jou opinie te gee nie.

Die opinie wys dat jy aanstoot geneem het.

Daar het soveel leuens oor hierdie gebed-situasies ontstaan en daarom wil ons verskoning maak en antwoorde aanbied oor hoekom genesing nie plaasgevind het nie.

Dit, terwyl ons self nie die antwoord het nie.

Tensy God vir jou pertinent 'n rede gee oor hoekom, hou op om mense te probeer redes gee, want jy kan nie.

Ek het 'n getuienis hieroor.

Iemand wat naby aan my was, het kanker gekry en ten spyte van al die beste mediese behandeling en baie gebede, nog steeds gesterf.

Ek het mooi gaan sit en vir God gevra hoekom.

Weet jy, Hy het my dadelik geantwoord met hierdie woorde: 'Ek kon op enige van 'n duisend gebede reageer het, maar Ek het in hierdie geval besluit om haar huistoe te bring. Dankie.'

Dié persoon het ongelukkig eers dokter toe gekom toe die kanker alreeds dwarsdeur haar liggaam versprei het.

Soms gaan daar dinge verkeerd in ons lewe. Jou besigheid speel dalk bankrot, iemand gaan dood, jy word siek of iemand anders word siek.

Jy kom nou op die punt wat jy vra hoekom het dit gebeur en hoekom met my. Dis wanneer jy aanstoot neem teenoor God want jy voel Hy het nie deurgekom vir jou nie.

Die fout wat ons maak is dat ons aan die einde van die dag verklarings wil gee daarvoor.

Die eerste en beste verklaring is gewoonlik: Dit was maar seker God se wil gewees. Terwyl dit nooit Sy wil was nie.

Onlangs is twee sussies in 'n motorongeluk oorlede. Hulle het blykbaar 'n hegte en mooi verhouding gehad. Iets het op die oop pad gebeur. Die ander bestuurder maak 'n fout en die meisies moes uitswaai en het hier verongeluk.

Op die begrafnis word nou gesê: 'Die Here het geweet wat Hy doen. Hy wou hulle tot in die dood nie skei nie. Hulle sou nooit sonder mekaar kon lewe nie en dis waarom Hy hulle saam weggeneem het'. Waar het jy nou al so iets gekry?

God gee lewe, Hy neem nie lewe nie.

Menslike foute maak dat mense doodgaan. God laat nie toe dat hulle

doodgaan nie. Defnitief nie as hulle 19 en 17 jaar oud is nie. Daar word aanstoot geneem net omdat emosies te 'n groot rol speel.

Ek kan vir jou nog 'n getuigenis gee van 'n familie in krisis.

'n Pa het sy vrou vermoor en haar lyk weggesteek.

Later het hulle haar lyk gekry. Op die begrafnis het hulle jong dogter van 16 gesit. Die predikant het drie keer in sy begrafnisrede gesê dat dit God se wil was dat haar ma moes doodgaan en dat dit God behaag het om haar weg te neem. Daardie meisie was kwaad.

Ons het eers in die prentjie gekom toe sy probeer selfmoord pleeg het. Sy het haar pa gehaat en sy het God gehaat. Sy het oor en oor gesê dat sy niks met so 'n God te doene wil hê nie. Hoe kon Hy haar ma laat doodgaan het? Wel, Hy het nie. Haar man het haar doodgemaak.

Dit gebeur vandag nog steeds in kerke dat as iemand doodgaan, die predikant nie weet wat om te sê nie en dan probeer hy die leuen in godsdiens gebruik om 'n verduideliking te gee soos 'God het haar kom haal'. Hierdie woorde staan nie in so 'n konteks in die Bybel nie. Dis die godsdiens wat hulle beoefen wat hulle in die kerk so laat lieg. Dit staan nêrens dat God jou wil doodhê nie.

Hy is dan die Here wat jou lewe kom gee – en in oorfloed.

En mense neem aanstoot teenoor God oor so 'n misleiding.

Veronderstel jou lewensspan is 70 of 80 jaar. As jy nou te vroeg sterf, kan dit nie God se wil wees nie, tensy daar regtig 'n ander rede is daarvoor. Ek sê nie almal wat jonk doodgaan is buite God se wil nie, maar ons moet oppas om nie ons eie verduidelikings daarvoor te gee nie.

Al wat gebeur is dat ons skuldgevoelens op mense plaas, veral as jy nog sê dat God dit toegelaat het net om jou iets te leer daaruit.

God het nie nodig om dinge toe te laat om jou iets te leer nie.

Hy gebruik net die omstandighede in die lewe wat jy oor jouself bring, om jou iets te leer. Dit gebeur net as jyself al klaar die fout begaan het. Ons begin nou God blameer en 'n saak teen Hom op te bou, terwyl Hy heeltemal onskuldig is in die situasie.

Hierdie is een van die redes waarom ons nooit naby God voel nie.

Hy bly vir ons 'n God wat ver is, en die kerk self het dit veroorsaak.

Ek het amper nog nooit iemand gekry as ouers, wat hulle kind verloor het, wat nie aanstoot teenoor God geneem het nie.

Elke ouer bevraagteken God na so iets.

Voorbeeld: Die seun ry met sy motorfiets een nag teen 'n brug vas en sterf net daar.

Sy ouers kan net nooit klaarmaak met sy dood nie.

Dat hy te laat, te vinnig gery het, word nooit weer genoem nie.

Vir ewig is daar honderde verduidelikings en aanklagte.

Almal word blameer en dit sluit God in. Hulle sê so maklik: 'Waar was God toe my ou seunjie dood is? Hoe kan ek God ooit weer vertrou as Hy nie eers na my eie kind omgesien het nie?'

Mens, as jy 'n deur oopmaak en menslike foute kom in, kan ons nooit God daarvoor blameer nie. God het dit nooit toegelaat nie – jy of iemand anders het!

Hoekom gaan mense in die kerk vandag vroeg dood?

Omdat God dit toelaat? Nee. Ons laat dit toe want ons loop nie in die outoriteit en beskerming wat Hy vir ons gegee het nie.

God is goed en Sy hele wese en alles rakende Hom is goed.

Ons moet net daardie openbaring in ons harte en gees kan kry.

Sy Woord spreek telkemale van Sy goedheid.

God sê en waarsku ons dat moeilike tye oor ons pad sal kom, maar Hy bring dit nie oor ons nie.

Ons bring dit self en die probleem is dat as ons nie die openbaring in ons gees toelaat nie, kom daar skade in onself en in ander mense.

Hoekom gebeur dinge dan maar net? Ons weet meestal nie, maar hou op om andere daarvoor te blameer.

Ons weet dat God mense kan gesond maak. Hy het aan ons die opdrag gegee om te gaan bid vir siekes. Hy gaan vir ewig vir ons wag om vir die siekes te gaan bid – met die belofte dat Hy die genesing sal bring. Ons moet weet dat Hy al Sy mag aan ons gegee het. Daarom kan Hy nie net optree in genesing, as ons nie eers bid nie.

Ons moet ook weet dat as daar 'n krisis in jou lewe opduik, het Hy jou al klaar toegerus om dit te kan hanteer. Die probleem is dat ons so vasgevang word in die wêreld se dinge en wanneer ons dan voor die krisis kom, het ons al vergeet wat God gesê het en weet ons nie

wat om te doen nie. Dis wanneer ons in vrees en angs optree en allerhande snaakse goed doen.

As ek 'n krisis het, vra ek altyd wat het God my geleer die laaste paar jaar. Dis waar die antwoorde lê wat ek nodig het om moeilike dinge te hanteer.

As daar geleenthede kom om vir siekes te bid, moet ons net altyd onthou God is goed, wat ookal die uitkoms van die siekte is.

Toe die engel by Maria kom en sê sy gaan swanger word, wat het direk daarna gebeur?

Josef het gesê hy gaan nie meer met haar trou nie.

Daar kom 'n geweldige ongelukkigheid, maar sy het nie aanstoot geneem nie. Sy het geweet wat om te doen.

Josef het aanstoot geneem, want hy was nie reg hiervoor nie.

God sal nie 'n belofte aan jou kom gee en dit nie uitvoer nie.

Moenie mense kwalik neem vir hulle optredes nie.

Dieselfde gebeur met Abraham. Hy kom voor die Here en bid oor sy situasie en kry sy langverwagte seun. Daarna kom God en sê: 'Offer hom!' Hy kom te staan voor 'n massiewe krisis, maar hy het God onvoor-waardelik vertrou. Hy het nie aanstoot geneem oor die moontlikheid dat hy sy kind kon verloor nie.

Daarom sien ons dat wanneer jy in 'n situasie kom waar jy vry is van teleurstelling, jy werklik in God se beloftes vir jou kan instap.

Laat ons nooit op 'n plek kom waar die Here vir ons sê: 'Moet nie aan My aanstoot neem nie.'

OPSOMMING:

Ons behoort aan Hom. Laat toe dat Hy jou leer en jou genees.

Laat toe dat Hy binne in jou kan werk.

Hy kom om die emosionele skade te herstel.

In Johannes lees ons hoe Jesus vir Lasarus opwek uit die dood.

Toe hy uitkom sê Jesus vir die mense: 'Haal al sy verbande af.

Hy is nou gesond. Hy lewe weer'.

Kom ons haal ons verbande af en begin lewe en vergeet die verlede.

OPNEEM VAN JOU SALWING

Na die tyd van jou bekering kom daar 'n tydperk waarin jy moet seker maak dat jy wedergebore is. Dan kom die vervulling met Heilige Gees.

Hierna volg die proses van heiligmaking.

Heilige Gees speel al hoe 'n groter rol in jou lewe en jy gaan in 'n tydperk in van die teenwoordigheid van Heilige Gees.

Daar kom nou 'n dag wanneer jy bekragtig sal word – salwing sal ontvang. (Engels: 'Anointing')

Die salwing van die gelowige is vir elkeen wat werklik soek na die dinge wat daar bo is.

Die opneem van jou gesag en salwing is nou die merkbare manifestasie van God se krag in jou lewe. Die oomblik dat jy in krag begin beweeg en die oomblik dat God instap, gaan iets gebeur.

Lukas 5:17;

'Die krag van die ewige liefdevolle Vader was in Jesus, die Redder, om die siekes te genees wat hulle vir Hom gebring het.'

Die werklike manier waarop God se krag deur en in ons werk, was vir lank vir die kerk duister.

Daarom die jare sonder enige manifestasie en vloei van die Gees. Agv. die onkunde in die kerk het hulle oor jare verander na net nog 'n verwysende instansie. Kerke stuur hulle mense en alkoholiste en dwelmgebruikers na sekulêre persone ipv. om hulle self vry te maak deur die krag van Heilige Gees.

Niemand kan ooit kom vertel dat God se teenwoordigheid en salwing in 'n kerkdienst was, maar niks het gebeur nie.

As dit teenwoordig is, sal iets gebeur.

As dit nie teenwoordig is nie, sal niks gebeur nie.

Die predikant kan daar voor staan en preek en praat, maar as die salwing van God se Heilige Gees nie op sy lewe is nie, sal niks gebeur nie. Almal gaan met net weer na die diens huistoe – dieselfde.

Wat sê Sagaria 4:6?

'Nie deur krag of geweld nie, maar deur my Gees sê die Here.'

Dis so belangrik dat ons God se Gees moet begin toelaat om ons totaal te beheer elke keer as ons bymekaar kom. Wat is meer heerlik dat Hy inkom en mense se lewens aanraak en verander op Sy manier. Dit is nie ons krag of vermoëns nie – nee, dis Sy krag en salwing. Hy wil so graag hê dat ons ten volle op Hom moet vertrou.

Wat is Sy belofte? **Lukas 10:19?**

'Kyk, Ek gee julle die mag (outoriteit) om op slange en skerpioene (Satan en demone) te trap, en mag oor al die krag van die vyand. En niks sal julle permanent verder stop nie.'

Wat kom God se krag doen? Dit kom om die las van jou skouer af te haal en die juk van jou nek af.

Ek glo nog altyd dat die oomblik dat jy bewus word van die bekragtiging in jou lewe – die tyd daar is om met bediening te begin. Nou sal mense genees word en mense bevryding ontvang.

As God se bekragtiging inbeweeg in 'n gebou of tussen mense, is daar altyd 'n doel daarmee. Dis wanneer goed gebeur in 'n paar minute, wat anders maande sou geneem het.

Die bekragtiging is die bonatuurlike toerusting wat ons nodig het om die taak te verrig.

God sal nooit iemand kies om 'n taak te verrig sonder om hom daarvoor toe te rus met die nodige krag nie.

Net soos wat 'n bergklimmer die nodige toerusting nodig het om tot by die hoogste piek uit te kom – so ook ons.

Die bekragtiging is soos 'n mantel, 'n kleding wat ons moet aanhê. Sonder dit bly ons maar net te kaal. Om sonder God se salwing te bedien help niks nie.

Anders is alles maar net my eie krag – en dit is baie min werd.

Ons moet ook weet: Jy kan nie bekragtiging vervals nie.

Dit is óf daar óf nie daar nie. Daarom is dit so nodig om ingehak te wees met Heilige Gees, om resultate te sien.

Alles gaan oor die roeping en guns op jou lewe – uit genade.

Salwing is soos die wind.

Die bekragtiging is nie 'n gevoel nie, maar kan gevoel word.

Haal 'n gloeilampie uit en druk jou vinger daarin – dis 'n skokkende ondervinding! Jy sien niks nie, maar verseker voel jy dit.

Salwing is nie dat mense val onder krag nie.

Alhoewel dit baie algemeen is dat mense kan val as Heilige Gees se krag oor hulle kom, is dit geen reël nie. As dit gebeur is dit die

gevolge van krag. As dit gebeuris dit die gevolg van krag.

Wie se krag? Heilige Gees s'n.

Mense het geen geestelike krag van hulle eie nie.

Die salwing is soos wind.

Jy kan wind nie sien nie, maar jy kan die gevolge van wind sien.

Jy kan salwing nie sien nie, maar jy kan die gevolge van salwing sien.

Wat gebeur?

1. Jy sal die gevolge **sien**.

Onder salwing word mense gered, genees, vrygemaak en bevry.

2. Jy sal dit kan **hoor**: Mense profeteer of praat in tale.

HOEKOM SOMMIGES NOOIT SALWING ONTVANG NIE:

1. Hulle is so vasgevang in hulle daaglikse sorg dat hulle gedagtes nooit by God is nie.

2. Hulle bedink nooit geestelike dinge nie.

3. Hulle spandeer geen tyd in aanbidding nie.

4. Daar's geen werklike kommunikasie met God nie.

5. Dis asof hulle net op 'n ander golflengte funksioneer.

SALWING IN DIE LEWE VAN JESUS CHRISTUS:

Ons moet na die bekragtiging in die lewe van Jesus Christus kyk om dinge beter te verstaan.

Johannes 14:12

'Wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.'

Hierdie vers is so belangrik. Wat Jesus gedoen het verwag Hy nou dat ons moet doen. Die gesag is na ons toe oorgedra.

Lukas 4:18;

Jesus sê: 'Die Gees van die Vader is op My, omdat

* Hy My gesalf het om die evangelie aan die **soekers** te bring.

* Hy het my gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees.

* en aan blindes, herstel van gesig,

* en om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur,

* en om die aangename jaar van die Vader, aan te kondig.'

Die bediening van Jesus het nie begin voordat Hy nie afgekom het na die Jordaanrivier om deur Johannes die Doper gedoop te word nie.

Daarna kom Heilige Gees soos 'n **arend** – soos krag op Hom neer.

Van daardie oomblik af was Jesus Christus toegerus om in die bediening te staan waarvoor Hy geroep is.

Handelinge 10:38 vertel dit mooi:

'Jesus van Nasaret, die ewige Redder, hoe God Hom gesalf het met Heilige Gees en met krag.

Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van Satan was, omdat God met Hom was.'

Die hele drie-enige Godheid hier in aksie:

'God salf Jesus Christus met Heilige Gees.'

Ek glo dat as God ons wil gebruik, sal Hy ons ook wil salf met dieselfde Heilige Gees en met krag. Net soos God vir Jesus gesalf het, beteken dit ook dat daar 'n tyd in ons lewens moet wees wat ons ook bekragting en salwing moet ontvang.

Laat toe dat die arend ook op jou neerkom.

Ons weet dat Jesus in elkeen van die **vyfvoudige bediening** se ampte gestaan het.

* Jesus was 'n **APOSTEL**.

Hy het gekom om die grootste werk ooit te kom doen – om mens te kom verlos en te red.

* Jesus was 'n **PROFEET**.

Hy het gewandel in die profetiese al die tyd.

Hy sê ook: ' 'n Profeet word nooit in sy eie stad erken nie.'

* Jesus was 'n **EVANGELIS**.

Hy het sy evangelie aan die hele mensdom kom bring.

* Jesus was 'n **HERDER**.

Die goeie herder wat Sy lewe vir die skape kom gee het.

* Hy was 'n **LEERMEERSTER**.

'Hy het hulle geleer soos iemand met outoriteit, en nie soos die skrifgeleerders nie.'

Ek en jy het nie individueel die bediening van Jesus Christus nie.

Hy het nooit Sy bediening aan een enkele persoon gegee nie – nee,

Hy het dit vir Sy liggaam gegee.

Efesiërs 4:7 en 11;

'Maar aan elkeen van ons is die genade (die verbond van vergifnis) gegee volgens die mate van die gawe van Christus.
en Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars.'

Almal wat geroep is om te staan in die vyfvoudige-bediening maak almal tesame die bediening op van Jesus Christus tans op die aarde. Die evangelie van die Koninkryk is nie geplaas op een individu alleen nie en daarom is dit nie net een persoon se verantwoordelikheid nie.

Dis die rede waarom die herlewing wat kom ook nie net deur een groep sal kom nie.

Dit sal kom deur 'n bloedgewaste kerk, wat God sal oprig vir hierdie uur om Sy heerlikheid na die wêreld toe te neem.

Dis so duidelik dat baie deel hieraan wil hê maar sonder Sy aanraking is ons niks nie. Niemand sal ooit die glorie vir homself kan neem nie. Dit gaan 'n bonatuurlike uitstorting van Heilige Gees wees, wat geen groep beheer oor gaan hê nie.

DIE SALWING IS VIR ELKE GELOWIGE:

Elke gelowige is in hierdie uur geroep tot die bediening van herstel en versoening. Elke gelowige is nie geroep om in die vyfvoudige bediening te staan nie. Hierdie roeping kom direk van God af en het niks met mens te doen nie.

Elke gelowige ontvang sy eerste salwing na wedergeboorte. God kom woon binne-in jou en jy word nuut. Ons word ingeroep en met 'n prys gekoop. So word ons almal nuwe skepsels in God. Daarna kom die belangrikste deel – om ten volle vervul te word met Heilige Gees. As Heilige Gees inkom, ontvang ons krag – dis die belofte. Krag vir wat? Krag om 'n getuie vir Jesus Christus te wees. Die woord 'getuie' kan ook vertaal word met die woord: 'martelaar.' Maw. hulle wat Geesvervuld is, is mense wat bereid is om te sterf vir wat hulle glo.

God se roeping is 'n heilige roeping. Dis iets groter as die normale. Dis iets waarvan jy nooit weer sal kan wegkom nie. Dis iets wat vir ewig sal brand binne-in jou.

Mag ons elkeen die opborreling en opwinding van Heilige Gees ontvang en mag God elkeen van ons op Sy spesiale manier gebruik. 'Geliefdes, dit is nie ons lang gebede nie, maar ons geloof in God wat beantwoord word.

God kom sê nou vir elkeen van ons:

My seun/my dogter, dis jou verantwoordelikheid om die goeie nuus aan die mense te bring. Vertel hulle en leer hulle.

Dis My verantwoordelikheid om myself aan hulle te bewys.

Jy kan my nie bewys aan iemand nie. Net Ek kan dit doen.

Jy vertel aan hulle die goeie nuus – en van Jesus Christus en jy daag hulle uit om te bid en My te vra om 'n werklikheid vir hulle te word.

Die res behoort aan My – Ek sal dit doen.'

AMEN. (Ek glo in Vader God)

.....

DIE TOETSE IN JOU LEWE

Is dit nie al 'n bekende uitdrukking wat sê: 'Die lewe gaan nie so seer oor die kansen wat jy geneem het nie, maar oor die keuses wat jy gemaak het?' God is die hele tyd besig om met ons geesmens kontak te maak. Hy ondersoek ons om toe te sien dat elkeen van ons by die doel kan uitkom wat Hy vir ons gestel het.

Romeine 8:27-28;

'En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree. En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is'

Die manier waarop jy jou eie lewe sien, vorm jou lewe en die wyse waarop jy optree sal jou toekoms bepaal.

Wat jy van jouself dink en hoe jy jouself sien, sal die manier waarop jy leef, beïnvloed. Dit raak die manier hoe jy jou tyd verdryf, hoe jy jou geld uitgee, hoe jy jou talente gebruik en hoe jy verhoudings met ander respekteer. Dan besef jy: Gee van jouself en jy sal meer ontvang as wat jy gegee het.

Elke dag besef 'n mens dat daar soveel van ons is wat smag na meer in die lewe. As jy kan besef dat daar nog leemtes is wat net

nie gevul word nie. Na al die selfondersoek en vas en bid en soek, bly daar 'n oop gaping. Die Bybel sê: 'Laat ons ons inspan om ons aan Hom te wy'. Dis so belangrik om te onderskei waarop ons moet konsentreer.

Ons word so beïnvloed deur wat ons in die wêreld ervaar dat dit nie meer waarde het om iemand te vra 'hoe voel jy oor iets' nie.

Die vraag moet liever wees: 'Hoe sien jy jou eie lewe?'

Jy sal verbaas wees oor die antwoorde wat jy gaan kry!

Iemand het al gesê: 'Ek is soos 'n kar met vyf ratte, maar ek kom net nooit uit derde nie' of 'die lewe is 'n kaartspel – jy moet maar net speel met die hand wat jy kry!'

Op die einde gaan dit daaroor oor hoe jy jouself sien.

Dit is die prentjie wat jy in jou gedagtes van jouself het.

Die meeste mense druk hierdie gedagtes wat hul self sien, uit op verskillende maniere, soos juwele, hulle kleredrag, karre, haarstyle, agter-op-kar plakkers en selfs tattoeëermerke.

Dit wat jy so uitstal, beïnvloed jou lewe meer as wat jy dink.

Dit raak jou verwagtings, jou waardes en jou verhoudings.

Dit is wat jy vir ander mense van jou self wys, wat later maak dat hulle jou op 'n spesifieke manier oordeel – dis wêrelds.

Jy is nie verantwoordelik vir wat mense van jou dink nie, maar jy is verantwoordelik vir wat jy aan hulle gee om oor jou te dink.

Hoe sien jy jou eie lewe?

Het jy al ooit daaraan gedink dat jy jou eie lewe dalk verkeerd sien of opsom? Dalk het jy die manier van leef by jou ouers geleer en maak jy net wat hulle gemaak het.

Of jy het jou manier van lewe van 'n vriend gekry, of van 'n fliek wat jy gesien het of in 'n tydskrif wat jy gelees het.

Ons kan nie stilstaan by die hede en die werklikheid van nou nie.

Ons moet voortdurend soekend wees na openbaringskennis en vernuwing. Ons kan nie stilstaan in 'n gemaksonne van wat ons huidiglik verstaan, en so stagneer nie

Nou, as jy wil word wat God vir jou beplan het, sal jy dalk veranderinge moet oorweeg.

Dalk moet jy uit 'n lewenswyse stap om van sekere invloede van die wêreld ontslae te raak. Ons moet soekend wees na die sogenaamde

'onmoontlike dinge'. Dis al hoe ons vernuwe sal kan word.

Romeine 12:2;

'En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is'.

Wat beïnvloed my wat ook 'n invloed op my karakter het? **Toetse: Die lewe is 'n toets:** Dwarsdeur die Bybel sien ons hoe God toegelaat het dat mense getoets is. Hulle karakter is getoets, hul geloof, hul gehoorsaamheid, hul liefde, hul integriteit en hul lojaliteit. Meer as 200 keer in die Bybel lees ons hiervan.

- * God toets Abraham deur hom te vra om sy seun te gaan offer - sy enigste.
- * God toets Jakob toe daar van hom verwag is om langer te werk vir Ragel.
- * Adam en Eva dop hul toets in die Paradys.
- * Koning Dawid self het 'n paar toetse gedop in sy tyd.

Die goeie nuus is dat die Bybel ook baie aanhaal wat hul toetse geslaag het: Josef, Rut, Ester en Daniël.

Karakter word juis gebou en openbaar deur toetse. Ons sal altyd aan toetse onderwerp wees. God sal vir die mens enige iets doen wat jy Hom vra, solank as wat jy alles doen wat Hy jou vra om te doen.

Hoe kom daardie toetse?

God kyk elke dag hoe jy reageer en optree as daar daaglik toetse kom van mense, van probleme, van sukses, konflik, siekte, teleurstellings en selfs slegte weer. Normaalweg kom die antwoord: 'Ek het my kar gestamp. Net omdat ek nie gefokus was nie.

Weet: Die duiwel lê by jou deur en wag vir die foute wat jy maak.

Jesus sê in die gelykenis van die saaiër onder andere:

In die tye van vervolging en verdrukking en ook die tye van sukses, sal altyd 'n toets vir jou wees.

Mattheus 13:21;

'Maar, as hy het geen wortel in homself het nie, is hy net vir 'n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik'.

Mattheus 13:22;

'En by wie in die dorings gesaai is—dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar'. Die toets word gedruip.

Dus kom die toetse in jou lewe van beide kante van die spektrum: Verdrukking en rykdom en sukses.

Die goeie nuus is dat Jesus ook die geringste raaksien wat jy doen: Jou vriendelike groet, jou simpatie, jou liefde vir diere en die natuur.

Die Bybel gee ons 'n aanduiding van hoe ons toetse gaan lyk:

- * Jy sal getoets word met groot veranderinge om jou,
- * met onmoontlike probleme,
- * met ongeantwoorde gebede,
- * met onregverdige kritiek en
- * selfs met onverklaarbare tragedies.

Hoe gaan dit werk?

God gaan my **geloof** toets met probleme.

God gaan my **hoop** toets met hoe ek dit wat ek besit, hanteer.

God gaan my **liefde** toets deur ander mense.

Wanneer jy besef dat die lewe 'n toets is, besef jy dat niks wat met jou gebeur net toevallig is nie – al is dit hoe gering.

Selfs die kleinste dingetjie het 'n invloed op die bou van jou karakter. Elke dag is belangrik en elke saak is daar om jou verhouding met God groter en dieper te maak.

Daar word gesê: Die goeie eienskappe wat jy het sal jou neem tot op die hoogste vlak. Jou karakter moet jou nou daar bo hou. Rykdom kom en gaan. Dis ons karakter wat ons treë standvastig maak, nie ons goud nie.

God wil hê dat jy elke toets in die lewe moet slaag. Daarom sal Hy jou nooit toets tot op 'n vlak waar jy dit nie sal kan hanteer nie. Sy genade om dinge te hanteer sal die toets bepaal.

1 Korinthiërs 10:13;

'Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra'.

Soveel keer dink ons dat ons sal oorwin as ons net al die wette gehoorsaam. Dis nie so nie. Die wet moet nie onderhou word om gered te word nie. Ek moet aan God gehoorsaam wees. Ek moet weet dat beproewing sal kom. Onthou die Bybel sê: 'Ek is die slaaf van hom wat ek gehoorsaam en nie hom wat ek aanbid nie.'

Elke keer as jy 'n toets slaag, neem God kennis daarvan en sal jou in die ewigheid daarvoor beloon.

Jakobus 1:12;

'Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet'.

Psalm 16:11; Nuwe vert.

'U leer my hoe om te lewe. In U teenwoordigheid is daar oorvloedige blydschap. Uit U hand kom net wat mooi is'.

.....

JOU GEESMENS

Johannes 4:24

'God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid'.

Hebreërs 4:12;

'Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.'

'n Mens is geskape in 'n drieledige vorm. Dit bestaan uit sy gees, sy siel en sy liggaam. Ons sien iets daarvan toe Moses die Tabernakel bou met 'n voorhof, 'n binnehof en die Allerheilige deel.

Jesus Christus het met die Jode van sy tyd gepraat en gesê: Julle is besig om my tempel uitmekaar te skeur. Hy het hier duidelik oor sy eie liggaam gepraat. Toe Hy daarna weer sê dat Hy die tempel gaan herbou in drie dae, het Hy ook oor sy liggaam gepraat. Dis waarom die drie dae in die graf nodig was.

Om die geesmens mooi te verstaan moet ons weet hoe ons geskape is. Die liggaam is sienbaar en dis hoe ons lyk. Die siel beheer ons

karakter, ons emosies, ons intellek en ons wil. Maar, die geesmens bly vir ons onwerklik. Net omdat ons nooit daarvoor geleer is nie.

Vanaf geboorte tot wedergeboorte stimuleer ons slegs twee gedeeltes: Die liggaam en die siel. Ons raak nie aan die geesmens nie. Dis waarom ons groot word – geestelik ongeletterd.

Die Bybel sê duidelik dat die ware aanbidders, God sal aanbid in gees en in waarheid. Die 'g' van gees is 'n kleinletter en dus is dit nie Heilige Gees nie, maar jou eie menslike gees.

Ons kan God aanbid in die voorhof: Deur aanbidding, dans, kniel of op die grond lê. Die aanbidding in die binne-hof begin nou ons harte en ons verstand betrek en aanbidding begin nou vorm aanneem en 'n werklikheid word.

Die aanbidding in die Allerheilige gaan nou verder as ons harte en verstand – dit raak verlore in die geestelike en ons beweeg in die teenwoordigheid van God in.

Hierdie is die kontak tussen jou geesmens en God.

Jou gees kan Hom nou ontmoet en Hom aanbid – tot in Sy troonkamer. Dis wanneer Heilige Gees jou gebede oorneem.

Die Bybel sê: In die stadium weet jy nie hier hoe om te bid nie en daarom moet Heilige Gees oorneem in jou swakheid met klanke en selfs sugte en kreuning. As jou menslike mond nie die klanke kan voortbring nie, sal jou geesmens dit doen.

Adam en Eva was voortdurend in kontak met God deur hul geesmens terwyl hulle in die Paradys was. Hulle geesmens het hulle totaal beheer.

Daar was duidelike opdragte oor die aanraak en eet van die boom van die lewe en die boom van die kennis van goed en kwaad. Hulle het geweet wat die gevolge sou wees: Hulle sou sterf.

Wat het gebeur toe hulle die verbode vrug eet? Hulle het dadelik besef hulle is naak. Met die eet van die vrug en die val in die sonde, het hulle geesmens los van hulle geraak. Dit was die begin van die proses van dood. Die oomblik toe geesmens loskom en hulle verlaat, besef hulle hul is nakend.

Vir hulle om hierdie ding te oorleef, moes God bevryding op hulle doen sodat hulle geesmens kon terugkeer, maar, daar was

permanente skade.

Ons moet hier beseef dat Adam en Eva nog 'n rol moes speel om die geslagsregister van Jesus Christus te begin.

Dit bring ons by 'n saak waar mense nie respondeer op gebede vir genesing en bevryding deur God nie. Ook dat hulle nie seëninge van Hom kan ontvang nie. Hulle is gewoonlik gered, maar nie ontvanklik nie ! Daar is net twee redes daarvoor:

Eerstens: Hulle sit in die kerk, maar het nog nooit werklik 'n oorgawe gemaak aan die Koningskap van God nie.

Gered ? Ja, maar op 'n afstand.

Hulle kon nog nooit in hulle verbeelding en in die gees regtig genesing na hul toe sien kom nie. Daar is altyd voorwaardes, en twyfel en skeptisisme. Hierdie soort persone het soveel teleurstelling al gehad omdat hulle voel dat daar gebeur nooit geestelik iets met hulle nie. Ongelukkig is die manier waarop hulle grootgeword het, wat die grootste rol speel.

Die vraag is dan altyd: 'Wanneer gaan jy jou gesindheid oor hierdie saak verander?' Dis die ander persone wat in geloof kom om vir jou te bid, wat nou skielik onder verdenking is.

Jy sal na hierdie kerk toe kom en omdat jy nie dadelik gesond geword het na gebed, sien ons jou nooit weer nie. As jy dink dat God daarmee tevrede sal wees, moet jy net aangaan.

Tweedens: Jy is soms nie ontvanklik vir genesing nie, net omdat daar deur die vyand aan jou geesmens gepeuter is. Onthou dat jy in jou gees 'n ontvanklikheid moet ontwikkel vir die hand van God. Dit het met die bidder niks te doen nie. Dit het alles met jou te doen.

Wat gebeur dan nog? Jy gaan Intensiewe sorg of Hospice toe om vir iemand te bid wat baie siek is. Gewoonlik is die familie dié wat desperaat is ! Na gebed gaan die persoon nog steeds dood.

Wat het hier gebeur?

Dit gebeur nie omdat die siekte erger geword het nie.

Dit gebeur omdat die geesmens van so 'n persoon alreeds in 'n proses was om homself los te maak van sy liggaam.

'n Persoon ontvang altyd eers sy genesing en bevryding deur sy gees. Daarna gaan dit deur na sy emosies en sy liggaam toe. As sy gees nie in 'n posisie is om genesing te ontvang nie, sal daar baie min gebeur na gebed. Ek sal altyd sê: Jou siekte en gebondenheid is

nie jou probleem nie. Jou gesindheid oor die probleem is die probleem.

As iemand kanker kry maar hy weet dit nie, gaan sy lewe soms net normaalweg voort. Natuurlik net tot in 'n sekere stadium. Maar, die oomblik wanneer hy hoor hy het kanker, begin daar 'n proses. Hy besef skielik dat hy moontlik daarvan sal doodgaan. Nou begin die gedagtes en hart vir so 'n mens sê om homself voor te berei vir die dood. Daarna kom daar 'n losmaking van die geesmens. So 'n persoon vind homself nou in 'n posisie waar die siel en die liggaam natuurlike dood kan aanvaar. Die genesing van God se kant kan net nie ontvang word nie, want jy is nie 'n volledige persoon nie.

Dis presies wat gebeur as iemand HiV positief raak. Die oomblik as 'n persoon die nuus kry, begin 'n proses waarin hulle gouer doodgaan, want hulle dink dag en nag aan die dood. As die gedagtes van die dood inkom, maak die geesmens gereed om te gaan.

Dit is nog nooit God se plan dat dit so moet werk nie. Dis tog waarom daar genesing, bevryding en deurbrake moet wees.

Daar is jare gelede 'n toets in Amerika gedoen.

Aan tien mense by wie kanker gediagnoseer is, is gesê die toetse was negatief en dat hulle geen behandeling nodig het nie.

Daar is ook aan tien ander mense in die studie gesê dat daar kanker by hulle opgetel is, maar dat dit nie behandel gaan word nie. Hierdie mense was nooit siek nie – dis net vir hulle gesê.

Die resultaat was dat die mense met die kanker, na tien jaar nog almal 'n normale lewe gehad het. Die tien waarvoor daar slegte nuus was, was almal dood binne tien jaar.

Ons moet besef dat daar 'n geweldige geestelike wroeging inkom met sekere dinge in jou lewe. Die wil om deur jou gees aan te hou leef, hang van jou af.

Presies dieselfde gebeur met iets soos bevryding. Die persoon wat gebonde raak, is die een wat kan help met die oorwinning.

Al hierdie tyd waarin die sieke worstel met hierdie dinge moet ons weet dat hy bewus is daarvan dat hy nog hemel toe gaan.

God verlaat hom tog nie. Daar is net 'n onvermoë ingekom om dit

wat die duiwel bring om mee te steel in jou lewe – dat jy dit kan teenstaan.

Ek het soveel ernstige siek mense sien tevrede wees om net te sterf en hemel toe te gaan. Hulle kon maar net nooit genoeg geloof bymekaar kry om gesond te word nie.

Meestal kon hulle in die normale lewe nooit genoeg geloof hê om net vervul te word met Heilige Gees nie. Hoe gaan jy nou as dit sleg gaan, God begin vertrou ?

Presies dieselfde gebeur as daar insypeling gekom het deur oorerflike geeste, onrein geeste en demone. Dis nie altyd die kwessie om hulle uit jou te kry nie. Die kwessie is hoe gaan jy oorwin en aanhou oorwin sodat hulle nie weer kan terugkom nie? As jy in jou lewe in die kerk nooit werklik ernstig met Christus was nie, hoe gaan jy dit nou tydens beproewing regkry ?

Ons moet nie uitstel om oor hierdie dinge te praat nie!

Ek was blootgestel aan 'n groot groep mense in die kerk in Mosambiek wat almal slagoffers was van demoniese inisiasie. Hulle is deur hul ouers op 'n baie vroeë stadium toordokter toe geneem waar hulle met 'n lemmetjie gesny is. Die druppels bloed wat dan uitkom word deur die toordokter gedrink en daarmee inisieer hy die baba in die koninkryk van duisternis in. Almal in die kerk het intussen Christene geword, maar kon net nooit geestelik groei nie. Daar was 'n band wat hul geesmens gevange gehou het. Hulle moes individueel bevry word hiervan om geestelik te kon herstel.

Verder: Elke persoon bestaan uit twee dele.

Die een fisies wat jy sien en die ander deel gees, wat onsienlik is. Die geesmens het sy eie manier om jou te bekleed, net soos die fisiese mens.

Die oomblik as jy wedergebore raak kom bekleed God jou met spesiale klere. 'n Spesiale mantel word deur Hom om jou skouers gehang. Soos wat jy nou groei in die Here is daar voortdurend nuwe mantels en range waarin Hy jou neem. Dis 'n aanduiding dat daar groei in jou lewe is.

Jou geesmens kan ook baie meer hanteer as jou fisiese liggaam. Dit het werklik onmeetbare potensiaal om goeie dinge in jou te stoor en jou toe te rus.

'n Voorbeeld hiervan is die besetene van Gadara.

Dié man was totaal onbeheerbaar en die Bybel sê hy was kwaai en niemand kon hom eers met kettings bind nie. Jesus was baie bewus dat hier groot werk gedoen moes word.

Markus 5:4-9;

'En hy het sy verblyf in die grafte gehad het. En niemand kon selfs met kettings hom bind nie; want hy was dikwels met voetboeie en kettings gebind, en die kettings is deur hom uitmekaar geruk en die voetboeie stukkend gebreek; en niemand was in staat om hom te tem nie. En altyd, nag en dag, het hy aangehou om te skreeu op die berge en in die grafte en homself met klippe stukkend te slaan.

En toe hy Jesus van ver af sien, hardloop hy en val voor Hom neer en skreeu met 'n groot stem en sê: Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek besweer U by God om my nie te pynig nie. Want Hy het vir hom gesê: Onreine gees, gaan uit die man uit! En Hy vra hom: Wat is jou naam? En hy antwoord en sê: Legio is my naam, want ons is baie'.

Kyk net hoe selfs dié wat totaal verlore is optree. Hy hardloop na Jesus toe en val voor Hom neer, want elke knie gaan nog buig! Op Jesus se vraag hoeveel demone in hom is, kom die antwoord: 'n legioen. Dis 6500 bese geeste in een persoon !

Dit wys net aan jou wat jou geesmens se kapasiteit is ! As die Geesmens soveel van die duiwel kan hanteer, hoeveel meer sal dit nie van die Gees van God kan hanteer nie?

Jou rykdom lê nie in die bank nie, dit lê in jou geesmens.

Jy sal nooit ryk word al gee hulle vir jou genoeg geld nie. Jou rykdom kom wanneer God Homself in jou deponeer, deur jou gees. Al verloor jy ook alles op aarde sal jou geesmens kan aanhou trek uit jou bron.

Die duiwel het Job aangevat en hy het alles verloor. Hy kon egter nooit aan Job se geesmens raak nie, want dis waar sy krag gelê het.

In jou geesmens lê jou toekoms, jou oorwinning, jou genesing, jou bevryding en verlossing, jou salwing, die heerlikheid van die Here en al die wapens wat jy nodig het vir geestelike oorlogvoering.

Ongelukkig het Satan dit oor jare reggekry in die kerk dat ons dit nooit mooi verstaan het of geweet het nie.

Jy kan nie `n oorlog voer en wen waaroor jy te min weet nie.

Satan weet beter as die kerk dat informasie `n sleutel is. Sy magte is baie beter toegerus om ons aan die slaap te hou as wat ons besef. Ons is in teologiese skole sonder om te besef wat regtig geestelik gebeur.

Hoe doen jy nou bevryding op iemand wie se geesmens soms nie in sy liggaam is nie ? Ons praat dus van persone wat regtig deur bese geeste beheer word en nie net van emosionele bevryding nie.

Die eerste belangrike ding is om te kan onderskei waar die geesmens is. Heilige Gees moet hier vir jou as deel van die gawe lei daarin met openbaring. Engele is ook altyd daar vir bystand.

Die persoon wat bid se eie geesmens moet ten volle aktief wees.

Jy kan nie net staatmaak op die Bloed en die swaard en skild van geloof in tye soos hierdie nie. Daar is bonatuurlike dinge aan ons beskikbaar.

Ons sal meer effektief wees as Heilige Gees meer aan ons van sy geestelike oë kan gee sodat ons kan sien in die gees.

Bid met salfolie dat elke juk van die duiwel van jou nek kan afkom. Dissiplineer jou geesmens in gebed deur in tale te spreek.

Dit sal meer ontvang, want dit konnekteer met die Gees van God wat aan jou dinge sal gee wat jy nie normaalweg met jou mond sal kan sê nie.

.....

NUWE UITDAGINGS

Wat sê ons aan die begin van `n nuwe seisoen in ons lewens?

Ons kyk verseker altyd terug na wat verby is – en het `n afwagting vir wat nou gaan gebeur.

Ek glo dat ons in `n seisoen binnegaan waar ons die wonderwerkende krag van God sal sien.

'n Kragdimensie wat God gaan gebruik om ons tpe te rus vir wat nou vir ons wag.

Ons nasie het by 'n ernstige profetiese siklus gekom.

In die gees is dit baie belangrik want die vyand wil dit kaap.

As blanke en swart mense nie nou in eenheid gaan beweeg nie, kan ons land eindig in 'n katastrofe. Die beherende party val uit mekaar en is tans besig om mekaar te opponeer.

Die volkere van Afrika het in die verlede hulle eersgebore reg verruil vir alternatiewe godsdienste. Die straf daarvoor dra hulle nou nog.

God het vir die swart bevolking van die hele Afrika gesê: 'Omdat julle My verloën het en vals gode gedien het, sal Ek vreemde mense stuur van 'n ver land en hulle sal julle land oorneem'.

Dis nie politiek nie, dis die Woord van God in aksie.

God is tans op aarde besig om die werk te doen wat Hy beplan het in die ewige verlede. Meer mense het die afgelope tien jaar tot bekering gekom as in enige ander tyd in die geskiedenis.

In net tien jaar het 'n derde van alle bekerings sedert Jesus Christus op aarde was, plaasgevind.

Ons moet altyd besef dat die kerk blameer sal word as alles verkeerd gaan, net omdat ons die waarheid weet.

God moet in gees en ín waarheid aanbid word. Hy verkies nie om te werk op plekke waar Hy net 'n besoeker is nie. Hy verkies om te werk waar Hy permanent kan woon. Dis belangrik dat leierskap in die kerk by 'n profetiese punt van outoriteit moet kom.

God wil ons kom leer oor dinge wat alreeds geprofeteer is, maar nog nie gebeur het nie. Ons moet weet dat die Here self die kerk bou – nie die predikant nie.

Wat bly die belangrikste opdrag vir hierdie seisoen?

Daar moet meer werkers en arbeiders mobiliseer en toegerus word vir die oesvelde. Dit bly ons grootste opdrag.

Die hele kerk moet toegerus word daarvoor.

Jesus self het aan ons 'n belofte gegee dat daar 'n generasie sal wees wat die groter werke en groter wonders en kragte sal beleef. Ons gaan die opwekking van die dode sien gebeur.

Ons sal dieselfde sien en doen as wat Hy gedoen het.

Ons beleef die tydperk van God se genade.

Genade wat baie verder gaan as sosiale probleme, ekonomiese probleme, rasseverskille en godsdienstige blokkasies.

Hierdie genade maak ongeneeslike siektes weer gesond en maak dié wat vasgebind is aan probleme, weer los.

Dis die beweging van hierdie komende seisoen. 'n Onsigbare God wat homself sigbaar gaan maak deur tekens en wonders. Baie van die tekens sal natuurwonders wees.

Hierdie is die verhaal van mense wat gaan saamwerk met hierdie God – dis al hoe ons die uiteindes van hierdie wêreld sal kan bereik.

Die een ding wat ons gaan beperk in hierdie poging, gaan wees om jouself te vergelyk met iemand anders.

As jy dit doen, beledig jy jouself.

Jy is nie verantwoordelik vir wat mense van jou dink nie – maar jy is verantwoordelik vir wat jy aan mense gee om oor jou te dink.

Ons moet droom, ons moet uitstyg uit hierdie moeras wat ons gevange wil hou.

Soos ons onself voorberei om uit te gaan is daar altyd dinge wat ons wil terughou. Daar is derduisende Christene wat woon in plekke waar regerings en groepe vyandig staan teenoor die boodskap van redding. Hierdie mense word daagliks uitgebuit deur hierdie sisteme en kan net bereik word met 'n boodskap van goeie hoop.

Dié boodskap moet kan red, dit moet kan teenstand bied teenoor die kragte van die duisternis en dit moet genesing terugbring in stukkende families.

Hierdie boodskap moet begin om groepe en hele gemeenskappe totaal te verander.

Wat is die goeie nuus?

Soos wat die arbeiders toegerus word en uitgestuur word hier lokaal en elders – soos wat hulle beweeg, so sal die salwing op hulle lewens vermeerder.

Soos wat hulle uitgaan, so sal hulle vrymoedigheid om openlik op te tree, verdubbel.

Baie van ons sal hier 'n stap in geloof moet neem. Anders gestel: Jy sal moet klaarmaak met die dinge wat jou terughou.

Die afgelope jaar het ek werklik gesien hoe mense verander het en uitgeruk is uit die koninkryk van die duisternis na die koninkryk van lig. Ek praat hier van mense wat vyandig teenoor God was. Hulle het nie na my toe gekom vir gebede en vir redding nie – nee, hulle het met bese intensies gekom.

Ek sien werklik 'n prent: Mense wat in opleiding is. Mense wat alreeds weet wat hulle roeping is.

Mense wat 'n begeerte het om uit te gaan om die oes in te bring.

Ek sien dit as 'n oop visie – en dit bly daar!

In hierdie opleiding word hulle skerp gemaak in die gebruik van hulle gawes en talente, geoefen om te loop in gehoorsaamheid tot Christus

Die een belangrike deel van hierdie opleiding is om te leer hoe om persoonlik te kan staan teen die list van die vyand.

Te veel goeie werkers word halfpad uitgehaal – ons kan dit nie bekostig nie.

Mense, ons besef nie hoe belangrik dit is om ons self los te maak van wêreldstelsels nie. Ons moet werklik uitstap uit die een ding, om te kan instap in die regte ding.

My leuse hier: Ek wil nooit weer op aarde deur iets beperk word, as dit nie God is wat my beperk nie.

Onthou: Goed, is nie die beste nie.

Wat is die verskil tussen gelowiges en dissipels?

As gelowiges behoort ons aan God en glo ons in Hom en dien Hom.

Daar is egter 'n Christenskap wat dieper loop as net geloof.

So 'n Christenskap word 'dissipelskap' genoem.

Daar word onderskeiding gemaak tussen gelowig wees en om 'n dissipel te wees

* Om **gelowig** te wees, kos niks.

* Om 'n **dissipel** te wees is duur.

* **Christenskap** beteken geloof in Christus, maar **dissipelskap** is die uitleef van hierdie geloof.

- * **Gelowiges** stel hulleself eerste; **dissipels** stel Christus eerste.
- * **Gelowiges** word aan woorde geken, **dissipels** word aan hulle vrugte geken.
- * **Gelowiges** gaan hemel toe, maar **dissipels** ontvang beloning daar.

2 Johannes 1:8;

'Julle moet baie versigtig wees sodat julle die hele beloning kan ontvang wat God beloof het'.

Wees jy die beste

Dit sal vir my die grootste tragedie wees as ek eendag op my oudag moet dink: 'Iewers langs die pad het ek myself verloor. Ek was nooit die mens wie God bedoel het ek moet wees nie'.

Waar die Gees van die Here is, is daar vryheid.

Dis nie Goddelik om jouself met ander te vergelyk of met ander te wedywer nie – die wêrelds.

Jesus het ons vrygemaak sodat ons deur niemand gemanipuleer of beheer hoef te word nie. **Johannes 8:36;**

'Eers as die Seun julle vrymaak, sal julle werklik vry wees'.

Wanneer jy die dag voor jou Skepper staan, gaan Hy jou nie vra hoekom jy nie soos jou vriend of soos jou predikant was nie.

Daardie dag wil ek Hom net hoor sê:

'Mooi so my kind – jy was getrou'.

En ek wil antwoord: 'Ek het alles presies gedoen soos U gevra het'.

Dromers van vandag:

Helen Keller, het met tyd blind en doof geword.

Hierdie tekortkominge het haar nie verhinder om 'n kragtige impak op so baie mense se lewens te hê nie.

Sy het altyd gesê: 'Daar is iets wat erger is as om blind en doof te wees. Dit is om te kan sien, maar geen visie te hê nie'.

Die waarheid is dat slegte oë jou defnitief kan strem, maar om geen visie te hê nie beperk jou dade. Mense ons moet droom, ons moet visie hê. Kan jy net dink wat ons kan regkry deur 'n radikale lewe in gehoorsaamheid aan Christus. Want dit is wat Hy werd is.

Ek en jy is vandag hier om die God van die onmoontlike te volg.
Ek is maar net 'n gewone mens, met my "hang-up's" en my swakhede. Vir my is dit onmoontlik om al my drome te vervul.
Maar dis nie vir God nie – vir Hom is alles moontlik.
Dis belangrik dat ek en jy 'n realistiese visie moet hê oor wie ons is, maar ook 'n regte visie oor wie God werklik is. Hy roep ons om openbarings te hê, drome te droom en om hulle uit te leef.

Dit is egter so, dat al sing en verklaar ons die groot waarhede van God in ons dienste en al soek ons die kragdimensie van 'n grote God, verlaat ons so maklik 'n diens en gaan maar net weer terug na 'n onderdrukte lewe, soms sonder drome.

Drome, by definisie is nog nie 'n werklikheid nie.
Om hulle te sien gebeur neem deursettingsvermoë en opoffering.
Hulle sal nie net 'n werklikheid word sonder 'n grootse poging nie.
Ek en jy moet verander. Maak vandag die keuse.
Maar ons moet droom, ons moet ons toekoms kan sien – en al wat dit gaan kos is 'n radikale lewe vir Christus.
Want dit is wat Hy werd is.

.....

WOORDE VAN GETUIENIS

Om die woorde van wysheid en van getuienis is hierdie tye te ken is 'n opdrag van God. As ons kennis wil hê moet ons dieper delf in die Woord. **Mattheus 7:21;**

'Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is'.

Nou wat dan is die waarheid?

Job 28:28;

'Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die **vrees van die HERE** is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand'.

Nie vrees **vir** die Here nie, maar vrees **van** die Here. Vrees van die Here is om bewus te wees wie Hy is, Sy grootheid, Sy godheid, Sy genade en Sy oordeel. As ek die vrees van die Here het, dan doen ek die wil van my Vader en onderhou ek die verbond wat Hy met my het. Ek kan dit alleenlik regkry as ek Hom werklik ken.

Die belangrikste woorde van getuigenis vind ons in die Tien Gebooue van God. Ons kan dit ook ervaar as Woorde van Onderwysing. Ek lees die skrywe van dr. Gerard Pretorius en ondersteun dit totaal. Hy sê die Tien Gebooue kan opgedeel word in twee groepe. Die **eerste vyf gebooue** gaan oor die verhouding van mens met sy skeppers. Eerstens God die Skepper van alle lewe en dan jou ouers as jou persoonlike skeppers. Die **tweede groep** is die laaste vyf gebooue. Dit gaan oor die verhouding van 'n mens met ander mense.

Ons moet nog altyd die Tien Gebooue sien as 'n soort huweliks-kontrak tussen God en die mens. Hierin moet die bruid alles doen om gehoorsaam te wees aan die onderwysing.

Om dit makliker te maak, laat ons kyk na 'n Hebreeuse troue. Wanneer 'n man en vrou besluit om te trou, moet die vader van die man 'n kontrak opstel, waaraan die toekomstige vrou getrou moet wees. Sy moet hierdie kontrak neem en sorgvuldig kyk na al die voorwaardes en verordeninge wat daarin staan. As sy toestem moet die dokument geteken word om dit wettig te maak. Hulle kan nou verloof raak en hulle weet ook dat verlowing dieselfde bindende waarde dra as die huwelik. Die man gaan nou terug na sy vader se huis en begin om 'n plek voor te berei vir sy bruid. Die bruid gaan sy ook terug na haar huis toe en begin om haarself reg te maak vir die huwelik. Daarna begin sy wag op die bruidegom om haar te kom haal vir die huwelikeremonie.

Wat gebeur met Josef en Maria: **Mattheus 1:18 en 19;**

'Die geboorte van Jesus Christus was dan só: Toe sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees. En Josef, haar man, omdat hy regverdig was en onwillig om haar openbaar te maak, het hom voorgeneem om in die geheim van haar te skei'.

Hier was hulle twee net verloof. Die Woord sê dat hulle nog nie saamgekom het nie. Let daarop dat in vers 19 noem hulle Josef 'haar man'. Die verlowing was alreeds bindend en kon nooit weer gebreek word nie.

Die oorspronklike vertaling in Hebreeus sê: 'Josef wou haar 'wegsteek'. Nie skei nie. Hy kon nooit van haar skei nie want die verbond van verlowing het hulle alreeds aan mekaar verbind tot in ewigheid. Daar staan ook gladnie in die Hebreeus dat 'n huwelik gaan 'tot die dood ons skei' nie. Daar staan getroud tot 'in ewigheid'. Alles hier dui ook op die verhouding wat ons as toekomstige bruid, met die Hemelse Bruidegom het.

Wat het met die volk van Israel gebeur in die Bybel?

God kom gee ook Sy huwelikskontrak aan die volk op die berg Sinai. (Ook genoem Horeb). Daarna gee Hy ook al Sy voorwaardes vir hierdie huwelik vir Moses.

Die volk het 'n keuse gehad om hierdie voorwaardes te aanvaar:

Eksodus 24:3;

'Toe Moses kom en aan die volk al die woorde van die HERE en al die verordeninge vertel, antwoord die hele volk met een stem en sê: Al die woorde wat die HERE gespreek het, sal ons doen'.

Die verlowing tussen God en hulle word verseël met die bloed van die offers wat die volk gebring het. Die voorwaardes vir hierdie huwelik word nou geskryf op die kliptafels.

Eksodus 24:12;

'Toe sê die HERE vir Moses: Klim op die berg na My toe en vertoef daar, dat Ek jou die kliptafels kan gee en die wet en gebooie wat Ek geskryf het om hulle te onderrig'.

God het ook vir my en vir jou gekies om die bruid te word van Sy Seun Jesus, die Messias. Daarom word daar van ons verwag om vir Hom afgesonder te wees en nie aan hierdie wêreld gelykvormig te wees nie. Afgesonder beteken om vir Hom te wag en nie agter ander misleiding aan te loop nie.

Romeine 12:2;

'En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is'.

Ek en jy lewe nou in die tydperk van die voorbereiding van die bruid en ons maak gereed vir die huweliksfees wat op ons wag.

Openbaring 19:7-8;

'Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daade van die heiliges.'

As ons kyk na die Tien Gebooie, sien ons daarin die huweliksvoorwaardes tussen God die Vader en ons, die toekomstige bruid van Sy Seun.

Kom ons kyk na hierdie voorwaardes en verorderinge:

Die eerste vyf gebooie gaan juis oor die verhouding wat mens met Sy Skepper God het:

Die Eerste en Tweede gebod: Eksodus 20:3-4;

'Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie'.

Dit is verkeerd om God in enige vorm of afbeelding te maak, soos die goue kalf of selfs die Jesus-beeld in Brazilië. God is net te groot en verhewe dat mense Hom kan probeer uitbeeld. Hy skryf ook hier dat Hy 'n jaloerse God is en daarom mag ons nooit 'n koning of koningin, of president of sportman of kerkmens goddelike status gee nie. Ons kan nie want hulle is net sterflike mense.

Die Derde gebod: Eksodus 20:7;

'Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie'.

Ons mag nooit die Naam van God onverskillig gebruik nie.

Dis so bekend dat mense sê: 'O, my God!' of 'Jesus Christus'.

Die media is so vol daarvan. Dis net 'n bewys dat die wêreld sy vrees van die Here verloor het. Daar is verder 'n waarskuwing dat as iemand dit wel doen, hy nie ongestraf sal bly nie.

Die Vierde gebod: Eksodus 20:7;

'Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig'.

Daar is nog altyd onkunde oor die dae soos deur die Here daar gestel: 'n Dag volgens die Woord, begin met sonsondergang (die aand) vandag, tot sonsondergang die volgende dag.

Dus van 6 uur vanaand tot 6 uur moreaand. Dis 'n dag.

Volgens die Hebreuse kalender is die sewende dag (die Sabbat) vanaf sonsondergang Vrydagaand, tot sonsondergang Saterdagdaand.

Die eerste dag van die week begin dus Saterdagdaand om 6 namiddag. Die Romeinse of Gregoriaanse kalender wat ons tans volg is dus heeltemal anders as in Bybelse tye.

Toe God die aarde geskape het, het die Hebreuse kalender begin bestaan. Ons lees met die skepping van die eerste dag:

Genesis 1:5; Aan die einde van die eerste dag staan daar:

'En dit was aand en môre, die eerste dag'.

Nie dit was môre en aand die eerste dag, nie. Die dag het die aand begin met sonsondergang tot die volgende dag toe – dus aand en more. In daardie volgorde.

Hoe het Israel later bewys gekry van watter dag is die Sabbat?

Tydens die insameling van die manna in die woestyn:

Eksodus 16:22-30;

'En op die sesde dag het hulle 'n dubbele porsie brood ingesamel, twee gomers vir elkeen. En al die owerstes van die vergadering het gekom en dit aan Moses vertel.

Toe sê hy vir hulle: Dit is wat die HERE gespreek het: Môre is dit rusdag, 'n heilige sabbat van die HERE. Wat julle wil bak, bak dit; en wat julle wil kook, kook dit; en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die môre toe. En hulle het dit gebêre tot die môre toe, soos Moses beveel het; en dit het nie bederwe nie, en daar het geen wurms in gekom nie. Toe sê Moses: Eet dit vandag, want dit is vandag die sabbat van die HERE. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie. Ses dae lank moet julle dit insamel, maar op die sewende dag is dit sabbat; dan sal dit daar nie wees nie.

En op die sewende dag het van die mense uitgegaan om in te samel, maar hulle het niks gekry nie. Toe sê die HERE vir Moses: Hoe lank weier julle om my gebooie en my wette te onderhou?

Kyk, omdat die HERE julle die sabbat gegee het, daarom gee Hy julle op die sesde dag brood vir twee dae. Laat elkeen bly waar hy is; laat niemand op die sewende dag van sy woonplek af weggaan nie. So het die volk dan op die sewende dag gerus'.

Daarom het die Israeliete presies geweet wanneer die eerste ses dae verby was en wanneer die Sabbat of rusdag begin het.

Sedert daardie tye weet hulle watter dae om te heilig, en leef nou nog so. Jesus Christus self het dit so onderhou.

Die Vyfde gebod: Jou skeppers op aarde. Eksodus 20:12;

'Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee'.

Om jou ouers, as jou skeppers op aarde, te eer is 'n opdrag, nie 'n versoek nie. As jy nie jou ouers wat jy kan sien, kan eer nie, hoe gaan jy God eer wat jy nie eers kan sien nie?

Ek weet baie goed dat daar moeilike huislike omstandighede is, wat dit amper onmoontlik maak, maar hou by die gebod.

Daar bly 'n baie belangrike belofte as jy dit kan reg doen.

Die Sesde tot Tiende geboeie:

Dit gaan oor jou verhouding met ander mense:

Jy mag nie doodslaan nie. Jy mag nie egbreek nie. Jy mag nie steel nie. Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. Jy mag nie begeer nie. Dis spreek vir homself.

Wat egter baie belangrik is, is dat dit deel uitmaak van die huweliks-kontrak met God. Hoe maklik kan ons tog nie hier oortree nie!

Mense, sonder hierdie kennis kan ons nie regtig ooit 'n diep verhouding met God hê nie. **Prediker 12:13;**

'Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy geboeie; want dit geld vir alle mense'. Hoe gaan ons dit doen? Deur genade. Genade is God se teenwoordigheid in jou.

Ons moet in hierdie wêreld ons doel bereik.

Jou doel gaan eintlik nie oor jou nie, dit gaan oor ander. As jy jou doel nastreef sal daar die hele tyd nuwe geleenthede oopmaak.

Die grootste vyand om jou doel te bereik is nie Satan nie, dis jyself.

Leer om die stem van Heilige Gees te hoor.

Omdat jy leer om met Hom te kommunikeer as dit goed gaan, is dit ook maklik om te hoor wanneer tye moeilik is.